Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DRAMATIESE KUNSTE

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

# Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring

CAPS
STRUCTURED. CLEAR. PRACTICAL
HELPING TEACHERS UNLOCK THE POWER OF NCS

## Verdere onderwys- en opleidingsfase
## Graad 10-12

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## GRAAD 10-12

## DRAMATIESE KUNSTE



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

120 Pleinstraat Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0625-5**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10—12 (2002)*, gelei.

ÉcoleBooks

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10—12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R—9 en Graad 10—12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R—12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R—12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R—12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R—12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R—12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

# INHOUD


**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Tydstoekenning ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10–12 ..... 7

**AFDELING 2: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEID VIR DRAMATIESE KUNSTE ..... 8**

**2.1 Wat is die vak Dramatiese Kunste ..... 8**

**2.2 Spesifieke doelwitte ..... 8**

**2.3 Tydstoekenning vir Dramatiese Kunste in die kurrikulum ..... 9**

**2.4 Oorsig oor onderwerpe en gewigstoewysing ..... 9**

**2.5 Onderwerpe: Inhoud ..... 10**

**2.6 Progressie ..... 12**

**2.7 Voorgestelde en voorgeskrewe toneelstukke ..... 12**

**AFDELING 3: ASSESSERING ..... 47**

**3.1 Inleiding ..... 47**

**3.2 Informele en daaglikse assessering ..... 47**

**3.3 Formele assessering ..... 47**

**3.4 Assesseringsprogram ..... 50**

**3.5 Rekordering en verslaggewing ..... 58**

**3.6 Moderering van assessering ..... 58**

**3.7 Bylae ..... 59**

**3.8 Algemeen ..... 84**


EcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

ÉcoleBooks

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

ÉcoleBooks

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 7<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3, 5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 4<br>(1, 5)<br>(1)<br>(1, 5) |
| **TOTAAL** | **27, 5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4, 5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27, 5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4, 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4, 5 |
| Wiskunde | 4, 5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onder-hewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27, 5** |

Die toegekende 27, 5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


# AFDELING 2

## KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEID VIR DRAMATIESE KUNSTE

### 2.1 Wat is die vak Dramatiese Kunste?

Dramatiese Kunste is ’n studie van hoe menslike belewenis in dramatiese vorm aan ’n gehoor voorgestel word. Hierdie studie integreer praktiese ervaring en bevoegdheid met die studie van dramatiese praktyke, prosesse en produkte. Die doel daarvan is om kreatiwiteit te bevorder en tot ’n ryk, diverse en produktiewe hulpbron te ontwikkel deur middel van dramatiese kommunikasie, interaksie en aanbieding. Leerders ondersoek hoe drama- en teaterelemente vir spesifieke doeleindes binne diverse kontekste gekies en gekombineer word, met ’n fokus op die rol van die dramatiese kunste in Suid-Afrika.

Deur die dramatiese kunste verwerf leerders spesifieke vermoëns van uitdrukking en kommunikasie. Dit sluit in vaardighede in improvisasie, vokale en fisiese kommunikasie, vertolking en uitdrukkingsvermoë, die skep en aanbied van opvoerings en die ontleding en interpretasie van opvoeringstekste in konteks. Opvoeringstekste hoef nie slegs literêre (bv. geskrewe) tekste te wees nie, en behoort ’n omvang van dramatiese praktyke, prosesse en produkte oor die drie studiejare in te sluit. Leerders behoort, waar moontlik, aan lewendige opvoerings blootgestel te word, hetsy deur professionele kunstenaars, gemeenskapspraktisyns of ander leerders.

Dramatiese Kunste is ’n kragtige instrument waarmee samewerkingvaardighede ontwikkel word. Die elemente en uitdrukkingsvorms daarvan is ’n inherente deel van Suid-Afrikaanse kultuur en dramatiese praktyke, prosesse en produkte, en dus help die vak om ons nasionale erfenis te bewaar en te bevorder.

Dramatiese Kunste berei leerders voor vir toegang tot verdere studie vir ’n moontlike beroep in die veld van drama (of verwante kunste), terwyl leerders terselfdertyd met belangrike lewensvaardighede soos selfvertroue, selfbeeld, kreatiwiteit, kommunikasievaardighede, empatie, selfdissipline, kritiese en kreatiewe denke, leierskap en samewerking in spanverband toegerus word wat die individu in enige veld of toekomstige loopbaan sal bevoordeel.

### 2.2 Spesifieke doelwitte

Graad 10 - 12 Dramatiese Kunste leerders beoog om:

- die menslike instrument (liggaam/stem/denke/emosies) as ’n middel van uitdrukking, kommunikasie en kreatiwiteit te ontwikkel
- dramavaardighede, tegnieke en prosesse te ontwikkel sodat dramatiese elemente ondersoek en betekenisvol gevorm kan word, in individuele werk en saam met ander
- dramatiese produkte oor ‘n reeks metodes (liries, narratief, dramaties) en style (realisties, verhewe) te skep en aan te bied, individueel en in samewerking met ander
- beginsels en elemente van drama in tekste en opvoerings binne konteks, in Suid-Afrika en die wêreld, te verstaan, analiseer en te interpreteer.
- te besin oor hul eie en ander se dramatiese prosesse, praktyke en produkte en dit te evalueer
- insig te ontwikkel oor hoe die dramatiese kunste waardes, kulture en identiteite bekragtig, uitdaag en vier
- om te gaan met hedendaagse kwessies deur middel van die dramatiese kunste

## 2.3 Tydstoewysing vir Dramatiese Kunste in die kurrikulum

Die tydstoewysing vir Dramatiese Kunste is vier onderrig-ure per vyfdag week. Daarbenewens word daar van Dramatiese Kunste leerders verwag om ten minste een keer per week buite skooltyd te oefen en te repeteer. Dramatiese Kunste leerders behoort ten minste een teaterproduksie wat buite die skool plaasvind per jaar te sien.

Die gewig wat die assessering van beide die praktiese en teoretiese onderafdelings dra, word gelyk verdeel. Daarom behoort die onderwyser 'n gelyke hoeveelheid onderrigtyd, puntegewig en assesseringstyd te wy aan beide die teoretiese en praktiese aspekte.

Leerders se kennis, vertolkende vermoëns en bevoegdheid in kommunikasie sal geleidelik van Graad 10 tot Graad 12 verbeter. As dieselfde of soortgelyke werk in die verskillende studiejare herhaal word, behoort dit dus met toenemende kennis, insig en uitdrukkingsvermoë hanteer en geassesseer word.

## 2.4 Oorsig oor onderwerpe en gewigstoewysing

Die tydstoewysings wat deur hierdie hele kurrikulumdokument gegee word, is slegs 'n riglyn. Onderwysers behoort sensitief te wees vir hul leerders se ontwikkeling en behoeftes, sowel as die konteks waarbinne hulle funksioneer, en dit dienooreenkomstig aan te pas. Tydstoewysings mag ook vir spesifieke projekte en onderwerpe aangepas word, en om integrasie van kennis te fasiliteer. Let asb. op dat die inhoud en onderwerpe wat vir elke graad aanbeveel word, minimum vereistes is.

| | **Breë onderwerpe** | **Tydstoewysing:**<br>**4 ure per week, plus na-skool oefentyd** |
|---|---|---|
| 1. | Persoonlike hulpbronontwikkeling | 20%<br>30 minute tot 1 uur per week |
| 2. | Toneelspel en aanbieding | 30%<br>1 - 1, 5 ure per week<br>1 uur repetisietyd per week na ure |
| Onderwerp 1 en 2 is in wese prakties van aard en behoort ongeveer 2 ure kontaktyd in beslag te neem, met ten minste 1 addisionele uur bestaande uit repetisietyd of privaat oefentyd wat weekliks buite klasure plaasvind. Dit behoort, waar moontlik, geïntegreer te word, sodat leerders vaardighede ontwikkel wat hulle onmiddelik in opvoering kan toepas. | | |
| 3. | Opvoeringstekste in konteks | 40%<br>1, 5 - 2 ure per week |
| 4. | Teater- en/of filmproduksie | 10%<br>Modulêr |
| Onderwerp 3 en 4 is in wese teoreties, alhoewel dit deur praktiese leerervaring ontdek en verstaan kan word. Dit behoort, waar moontlik, geïntegreer te word, sodat leerders verstaan hoe praktiese aspekte van produksie aangewend word in opvoeringstekste. Ongeveer 2 ure kontaktyd word aan hierdie onderwerpe toegestaan. | | |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 2.5 Onderwerpe: inhoud

| Graad | Oorsig oor onderwerpe |
|---|---|
| **Breë onderwerp 1: Persoonlike hulpbronontwikkeling** (20%) | |
| 10 | • Improvisasie en ensemblespel<br>• Verkenning van stem en verbale kommunikasievaardighede<br>• Verkenning van fisiese en nie-verbale kommunikasievaardighede<br>Nota: fokus is op die verkenning van kommunikasie-instrumente |
| 11 | • Improvisasie, werkswinkel en ensemblespel<br>• Stemontwikkeling en verbale kommunikasievaardighede<br>• Fisiese ontwikkeling en nie-verbale kommunikasievaardighede<br>Nota: fokus is op die begrip, ontwikkeling, instandhouding en verbetering van vaardighede vir kommunikasie, interpretasie en uitdrukking |
| 12 | • Improvisasie vir aanbieding<br>• Vokale en fisiese integrasie vir opvoering<br>Nota: fokus is op integrasie van alle vaardighede van vertolking, uitdrukking en kommunikasie in die aanbieding van finale programme |
| **Breë onderwerp 2: Toneelspel en aanbieding** (30%) | |
| 10 | • Handeling en reaksie in individuele werk en groepwerk<br>• Basiese toneelspelinstrumente (karakter, subteks, interaksie, ruimtelike bewussyn ens.) in geskrewe en ongeskrewe werk<br>• Interpretasie van tekste<br>• Improvisasie- en werkswinkelvaardighede |
| 11 | • Speel ’n karakter in geskrewe en ongeskrewe individuele werk en groepwerk<br>• Speel binne ’n spesifieke (realistiese/verhewe) styl in geskrewe en ongeskrewe individuele werk en groepwerk.<br>• Fisiese storievertelling<br>• Tegnieke vir Gestroopte/Arm Teater |
| 12 | • Geïntegreerde aanbieding van drie kontrasterende stukke, wat ten minste EEN individuele stuk en EEN groepstuk insluit, in ’n oudisie- of temaprogram<br>• Toon bemeestering van ten minste DRIE kontrasterende style en vorms (liries, narratief en dramaties) in stukke en/of oorgange<br>• Demonstreer vokale en fisiese vertolking en karakterisering van tekste |

<table>
<tr><th>Graad</th><th>Oorsig oor onderwerpe</th></tr>
<tr><td colspan="2">Breë onderwerp 3: Opvoeringstekste in konteks (40%)<br>Drie opvoeringstekste moet elke jaar bestudeer word, met ten minste een van elke kategorie:<br>• Suid-Afrika<br>• Die wêreld</td></tr>
<tr><td>10</td><td>Suid-Afrikaanse mondelinge opvoeringsvorms<br>• Inheemse opvoering: mondelinge tradisie, kulturele opvoeringsvorms<br>• Suid-Afrikaanse werkswinkelteater<br>• Suid-Afrikaanse teatertekste<br>Westerse/ Oosterse opvoering: vroeë vorms<br>• Oorsprong van teater in rituele<br>• Griekse teater en teks<br>• ’n Keuse van Middeleeuse teater, commedia dell’arte OF Indiese teater en teks</td></tr>
<tr><td>11</td><td>Suid-Afrikaanse teatertradisies<br>• Hibridiese aard van Suid-Afrikaanse teater wat put uit diverse Suid-Afrikaanse identiteite, tradisies en geskiedenisse<br>• Teater met ’n spesifieke agenda: soos Protesteater, Gemeenskapsteater en Werkersteater<br>• Suid-Afrikaanse teatertekste<br>Weergewende en Voorstellende teater<br>• Realistiese teater en teks<br>• Gestileerde teater en teks, byvoorbeeld ten minste EEN van: Elisabethaanse, Asiese, Pan-Afrika,<br>• Ekspressionistiese, Kontemporêre Amerikaanse teater</td></tr>
<tr><td>12</td><td>Kontemporêre Suid-Afrikaanse teater<br>• Teater van 1960 - 1994, en teks<br>• Teater van Post-1994 tot vandag, en teks<br>Twintigste-eeuse teaterbewegings, en verder<br>Oorsig oor twintigste-eeuse bewegings<br>Een van die volgende: Absurde teater, Epiese teater of Postmodernisme met geskikte teaterteks</td></tr>
<tr><td colspan="2">Breë onderwerp 4: Teater- en/of filmproduksie (10%)</td></tr>
<tr><td>10</td><td>Beginsels en elemente van drama<br>Basiese ontwerpelemente (Die visuele en klankwêreld van die toneelstuk)<br>Verhoog- en/of filmkonvensies</td></tr>
<tr><td>11</td><td>Die rol van die ontwerper in teater en/of film<br>Die rol van die regisseur in teater en/of film<br>Die produksieproses (insluitend die bemarking van die produksie, ens.)</td></tr>
<tr><td>12</td><td>Integrasie van ontwerp (verwant aan finale aanbieding/opvoering)<br>Die rol van die dramaturg (geïntegreer in die studie van tekste in konteks)<br>Die rol van die gehoor (insluitend die teaterresensent, geïntegreer in die studie van tekste in konteks)</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 2.6 Progressie

Progressie in Dramatiese Kunste word gevind in die genoemde vier breë onderwerpe wat elke kwartaal in elke graad met toenemende kompleksiteit herhaal word:

- Persoonlike Hulpbronontwikkeling
- Toneelspel en Aanbieding
- Opvoeringstekste in Konteks
- Teater- en/of Filmproduksie

Die onderrig van dramavaardighede is beide siklies en lineêr. Dit is siklies omdat leerders aan dieselfde basiese inhoud en konsepte blootgestel moet word, en dieselfde vaardighede herhaaldelik in verskillende kontekste moet oefen om hul vakkennis en vaardighede ten volle te ontwikkel. Die onderrig is egter ook lineêr omdat daar in elke kwartaal nuwe kontekste bekendgestel word vir die implementering van kennis en vaardighede, voortbouend op die kennis wat vooraf aangeleer is, en wat met die verloop van tyd meer gedetailleerde ontleding en begrip vereis.

Soos wat bevoegdheid in dramavaardighede oor die drie grade toeneem, kan meer komplekse benaderingswyses tot die werk ingebring word. Die praktiese aanslag van teaterpraktisyns wat verbandhoudend is met die inhoud wat in “Opvoeringstekste in konteks” bestudeer word, word gebruik om praktiese ontwikkeling en verkenning te verryk.

## 2.7 Voorgestelde en voorgeskrewe toneelstukke

’n Nasionale omsendbrief sal jaarliks versprei word om die aanbevole lys van toneelstukke vir Graad 10 en 11 en die voorgeskrewe lys van toneelstukke vir Graad 12 aan te dui.

**Graad 10 en 11**

DRIE toneelstukke, insluitend een Suid-Afrikaanse toneelstuk, moet bestudeer word. Die dramabewegings wat in die onderwerpe gestipuleer word, sal bepaal watter toneelstukke gekies moet word.

**Graad 12**

DRIE toneelstukke, insluitend twee Suid-Afrikaanse toneelstukke, moet vir die finale eksamen bestudeer word. Elkeen van die toneelstukke moet uit verskillende bewegings gekies word soos wat in die onderwerpe gestipuleer word.

VOO Dramatiese Kunste: GRAAD 10

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 10</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Teaterproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 1:<br>Inleiding tot Dramatiese Kunste</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>8 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Woordelys van Dramatiese Kunste terminologie<br>• Kaarte, modelle en foto's vir stemteorie</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Begrip en toepassing van basiese elemente van drama, teater en stemproduksie<br>Markties<br>• Fisiese ysbrekerspeletjies en inleidende dramaspeletjies<br>• Samewerkingspeletjies<br>• Oefeninge vir die bou van selfvertroue en kreatiwiteit<br>• Vertrou-oefeninge<br>• Asemhaling en ontspanningstegnieke<br>NB: Bogenoemde oefeninge en tegnieke sal deurlopend deur die jaar gebruik word om stem- en liggaamsvaardighede op verskillende maniere te ontwikkel.<br>Teorie:<br>• Dramaterminologie: wat is drama, wat is teater?<br>• Aspekte van stem en spraak: asemhaling, klankvorming, resonans en artikulasie<br>• Teateretiket: etiket vir die dramaklas, etiket vir die bywoning van teateropvoerings</td></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerpe: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 2:<br>Suid-Afrikaanse teater:<br>ÒF kulturele opvoeringsvorms ÒF mondelinge tradisie ÒF albei van bogenoemde</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td><td>Aanbevole tekste en hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Enige gepubliseerde, geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Dramatiese en kulturele vorms en style: film, visuele hulp-middels of lewendige opvoerings</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


<table>
<tr><th colspan="2">Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 10</th></tr>
<tr><td>Kulturele opvoeringsvorms<br>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Verstaan die oorsprong en uitdrukking van Suid-Afrikaanse teater in kulturele opvoeringsvorms<br>Teorie:<br>• Die rol van kulturele opvoering in die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse teater<br>• Kort inleiding van enige DRIE kulturele opvoeringsvorms, soos Umhlanga (riet danse), Isicathamiya, Gumboot danse, Toyi-toyi, Mokhibo, Umtsimba (Siswati huweliksproses), Volkspele, Kaapse Klopse<br>• Struktuur van kulturele opvoering<br>• Funksie van kulturele opvoering<br>• Gehoorontvangs<br>Prakties<br>• Ervaar en bied enige EEN van die bogenoemde kulturele opvoeringsvorms aan</td><td>Mondelinge tradisie<br>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Verstaan die oorsprong en uitdrukking van Suid-Afrikaanse teater in die mondelinge tradisie<br>Teorie:<br>• Die rol van die mondelinge tradisie in die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse teater<br>• Tradisionele vertelvorms soos ntsomi, izinganekwane<br>• Suid-Afrikaanse storievertelling in die moderne konteks<br>• Struktuur van storievertelling<br>• Funksie van storievertelling<br>• Gehoorontvangs<br>Prakties<br>• Ervaar en bied 'n tradisionele storievertelvorm in klein groepe aan</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie</th></tr>
<tr><td>Onderwerp 3:<br>Toneelteks 1: Suid-Afrikaanse teater</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Sien aanbevole lys van toneeltekste vir die titels van Suid-Afrikaanse toneelstukke, soos jaarliks gestipuleer in 'n DBO omsendbrief<br>• Gepubliseerde kopieë van hierdie toneelstuk<br>• Notas deur onderwyser voorsien</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Identifiseer, verstaan en pas elemente van drama in 'n Suid-Afrikaanse geskrewe toneelteks toe<br>Teorie:<br>• Agtergrond en konteks verbandhoudend met toneelteks<br>• Wat is 'n toneelstuk?<br>• Beginsels van drama in die toneelteks: intrige/plot, karakters, dialoog, temas<br>• Ontwerpelemente; die visuele en klankwêreld van die toneelstuk bv. stel, kostuums, musiek en klankeffekte<br>• Verhoogtegnieke<br>Prakties:<br>• Bekende en onbekende leesstof uit uitgesoekte tekste</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 10</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 4:<br><br>Toneelstudie</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br><br>8 ure</td><td>Aanbevole tekste en hulpbronne:<br>• ’n Reeks van geskikte uittreksels uit toneelstukke (dit kan wees uit Toneelteks 1, hierbo)<br>• Sien aanbevole lys van toneeltekste vir die titels van moontlike toneelstukke</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br><br>Ontwikkel groepopvoeringsvaardighede in ’n toneel uit ’n toneelstuk<br><br>Verfyn vokale en fisiese opvoeringsvaardighede<br><br>Prakties<br>• Skep en hou dramatiese karakters en rolle vol in ’n toneel<br>• Gebruik verhoogruimte op gepaste wyse<br>• Verstaan en pas toneelspelterminologie toe<br>- Konsentrasie<br>- Gegewe omstandighede soos konteks, situasie, plasing/plek<br>- Subteks<br>- Fisiese en vokale karakterisering<br>- Interaksie: luister en reageer<br><br>Teorie<br>• Toneelspelterminologie verwant aan toneelwerk soos bv. akteur, karakter, dialoog, subteks<br>• Verhoogterminologie verwant aan toneelwerk soos verhoogplasing (blocking), akteur-gehoor verhouding</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assessering:<br><br>Taak 1: Praktiese Assesseringstaak 1<br><br>Taak 2: Toets</td><td><br><br>50 punte<br><br>50 punte</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 10 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 5:**<br><br>Oorsprong van teater en Griekse teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>12 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Enige gepubliseerde, geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Notas deur onderwyser voorsien |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan die oorsprong van drama en teater in rituele

Verstaan basiese elemente van Griekse teater

Ontwikkel vokale en fisiese vaardighede

Demonstreer integrasie van stem en liggaam in koorspraakvertolking en -aanbieding

**Teorie**

- Funksies en elemente van rituele en seremonies as oorsprong van teater
- Oorsprong van Griekse Drama, insluitend rituele van Dionysus
- Feeste en borgskappe
- Toneelstukke en dramaturge
- Struktuur van die teater
- Ontwerpelemente, visueel en gebruik van klank, insluitend die gebruik van ruimte, toestelle, rekwisiete, maskers en kostuums
- Styl van toneelspel
- Funksie van die koor
- Opvoertegnieke vir Koorspraak

ÉcoleBooks

**Prakties**

- Geskikte vokale en fisiese opwarmingsoefeninge
- Vokale aanbiedingsvaardighede soos toegepas op koorspraak en ensemblespraak
- Fisiese aanbieding: gebruik van liggaam en postuur, fokuspunt en konsentrasie, standbeelde/tablo, eenheid in aksie

| Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 10 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 6:**<br>Toneelteks 2: Griekse teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>8 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Sien aanbevole lys van toneeltekste vir 'n gepaste Griekse toneelstuk<br>• Notas deur onderwyser voorsien |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan die elemente van drama en konvensies van Griekse toneelstukke in 'n spesifieke teks of uittreksels uit hierdie teks

**Teorie:**

- Konteks en agtergrond: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – soos toepaslik op toneelteks
- Beginsels van drama in die toneelteks: intrige/plot, karakters, dialoog, temas
- Ontwerpelemente, visueel en gebruik van klank, insluitend kostuums, maskers, stelstukke
- Verhoogtegnieke
- Spesifieke elemente soos die koor, die tragiese held, satire

**Prakties**

Bekende en onbekende leesstof uit die teks

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Teaterproduksie** | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 7:**<br>Nie-verbale kommunikasie<br>(individueel of groepopvoering) | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>8 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Notas voorsien deur onderwyser<br>• DVD's, foto's van lewendige opvoerings of fisiese teater, mimiek ens. |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>Die gebruik van die liggaam om te kommunikeer<br>Die gebruik van drama en teatervorms en -style om nie-verbale kommunikasie oor te dra<br>**Prakties**<br>• Aspekte van fisiese werk: postuur, vrylating van spanning, fisiese uitdrukkingsvermoë, gebare, beweging, liggaamstaal, tablo<br>• Mimiek<br>• Tegnieke van fisiese teater<br>• Gebruik fisiese interaksie waar toepaslik<br>• Aanwending van bogenoemde fisiese werk in 'n kort mimiekstuk of fisiese teaterstuk<br>**Teorie**<br>• Terminologie verwant aan aspekte van fisiese werk: postuur, vrylating van spanning, fisiese uitdrukkingsvermoë, gebare, beweging, liggaamstaal, tablo | | |

ÉcoleBooks

<table>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 8:<br>Teksvertolking (Individuele opvoering)</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>8 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Gepubliseerde en geloofwaardige naslaanboek oor stem en spraakproduksie<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• ’n Reeks dramatekste in die vorm van teksuittreksels, uittreksels uit toneelstukke, prosa stukke, poësie, koerantartikels ens.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede<br>Demonstreer deurlopende ontwikkeling van stemvaardighede<br>Toepassing van vaardighede om ’n individuele teks te vertolk<br>Prakties<br>• Kies en vertolk ’n item uit ’n reeks dramatiese en kulturele vorms of style vir individuele aanbieding. (EEN van: monoloog, poësie, gedramatiseerde prosa, storievertelling)<br>• Ontwikkel aspekte van stem en spraak: asemhaling, klankvorming, resonans en artikulasie en pas toe op teks<br>• Ontwikkel kenmerke van spraak: toonhoogte, tempo, pouse, stemtoon, infleksie, frasering, ritme, metrum, nadruk, volume, beklemtoning en pas toe op teks<br>• Gebruik visualisering, sensoriese en emosionele werk om teks te vertolk<br>Teorie<br>• Kenmerke van spraak: toonhoogte, tempo, pouse, stemtoon, infleksie, frasering, ritme, metrum, nadruk, volume, beklemtoning<br>- Definieer kenmerke<br>- Identifiseer en pas bogenoemde op geskikte wyse toe op opvoeringsteks wat gekies is</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assessering:<br>Taak 3: Praktiese Assesseringstaak<br>Taak 4: Midjaar eksamen<br>• Geskrewe eksamen<br>• Praktiese eksamen</td><td><br>50 punte<br><br>100 punte<br>100 punte</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 10</th></tr>
<tr><th colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</th></tr>
<tr>
<td>Onderwerp 9:<br>Kies ten minste EEN van die volgende:<br>Middeleeuse teater OF<br>commedia dell'arte OF<br>Indiese teater</td>
<td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td>
<td>Aanbevole tekste/hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Sien aanbevole lys van toneeltekste vir die titels van moontlike toneelstukke<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• DVD's of lewendige opvoerings of geskikte materiaal</td>
</tr>
<tr>
<td>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Middeleeuse teater<br>Demonstreer begrip van Middeleeuse teater<br>Ontwikkel en pas groepopvoerings-vaardighede toe in informele klasopvoering<br>Teorie<br>• Konteks en agtergrond: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot teaterbeweging<br>• Opvoerings in die kerk<br>• Verhoogkonvensies binne en buite die kerk: mansions, booth stages<br>• Tipes toneelstukke: liturgies, misterie-, mirakel- en moraliteitspele<br>• Handelsgildes<br>• Feeste en optogte<br>• Verhoogelemente, insluitend kostuums, spesiale effekte<br>• Akteur-gehoor verhouding<br>Prakties<br>• Kort improvisasie gebaseer op die storie, karakters en/of temas van 'n geskikte teks uit Middeleeuse teater<br>• Skep en handhaaf dramatiese karakters en rolle<br>• Gebruik elemente van misterie- of moraliteitspele</td>
<td>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>commedia dell'arte<br>Demonstreer begrip van commedia dell'arte<br>Ontwikkel en pas groepopvoerings-vaardighede toe in informele klasopvoering<br>Teorie<br>• Konteks en agtergrond: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot teaterbeweging<br>• Komiese elemente<br>• Teater gebaseer op die akteur<br>• Eienskappe sluit in improvisasie, gebruik van scenarios, argetipe (stock) toesprake en komiese roetines<br>• Karakters: kostumering/maskers<br>• Verhoogtegnieke<br>• Rondreisende spelers<br>Prakties<br>• Kort improvisasie gebaseer op die storie, karakters en/of temas van 'n geskikte commedia dell'arte scenario<br>• Skep en handhaaf dramatiese karakters en rolle<br>• Gebruik slapstick, mimiek<br>• Gebruik argetipe (stock) toesprake/ voorbereide komiese roetines</td>
<td>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Indiese teater<br>Demonstreer begrip van Indiese teater<br>Ontwikkel en pas groepopvoerings-vaardighede toe in informele klasopvoering<br>Teorie<br>• Konteks en agtergrond: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot teaterbeweging<br>• Oorsprong van drama in Indië<br>• Beginsels van rasa<br>• Teaterruimte en -tegnieke<br>• Ontwerpskonvensies<br>• Sanskrit teater en populêre vorms<br>Prakties<br>• Kort improvisasie gebaseer op die storie, karakters en/of temas van 'n geskikte teks uit Indiese teater<br>• Gebruik Indiese danselemente soos handgebare, liggaamstaal<br>• Gebruik toepaslike tegniese aspekte van Indiese teater soos kostuums en maskers, poppe</td>
</tr>
</table>

| Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 10 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Teaterproduksie, Opvoeringstekste in Konteks** | | |
| **Onderwerp 10:**<br>Toneelteks 3: Middeleeuse teater OF *commedia dell'arte* OF<br>Indiese teater OF Suid-Afrikaanse teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>8 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Kies enige gepaste toneelteks uit enige EEN van die volgende genres: Middeleeus/*commedia dell'arte* / Indiese teater/Suid-Afrikaanse teater<br>• Sien aanbevole lys van toneeltekste vir 'n titel van 'n toneelstuk<br>• Notas deur onderwyser voorsien |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>Verstaan konvensies van 'n spesifieke tipe drama in konteks<br>**Teorie**<br>• Konteks en agtergrond relevant tot die toneelteks<br>• Beginsels van drama in die toneelteks/opvoering: intrige/plot, karakters, dialoog, temas<br>• Ontwerpelemente, visuele en klankwêreld van die toneelstuk, soos stel, kostuums, musiek, klankeffekte<br>• Verhoogtegnieke<br>• Spesifieke elemente relevant tot elke dramatiese vorm<br>**Prakties**<br>• Bekende en onbekende leesstof uit die teks | | |
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 11:**<br>Suid-Afrikaanse teater: werkswinkelteater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>16 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Enige gepubliseerde, geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• DVD's of lewendige opvoerings van geskikte materiaal |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 10 | |
|---|---|
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br><br>Verstaan die werkswinkelproses (bou van 'n toneelstuk) in die Suid-Afrikaanse konteks<br><br>Skep 'n kort werkswinkelproduksie in 'n groep<br><br>**Teorie**<br>• Gemeenskaplike skepping<br>• Werkswinkelproses<br>- Idee<br>- Navorsing/waarneming (mondeling/geskrewe)/refleksie<br>- Improvisasie<br>- Seleksie<br>- Afgeronde improvisasie<br>- Aanbieding/opvoering<br>- Opname<br>• Episodiese aard van die werkswinkelmetode<br>• Dramatiese en toneelmatige bindingsmetodes soos vertellerfiguur, musiek, biljette, plakkate, film<br><br>**Prakties**<br>• Ondersoek die proses van werkswinkelteater om 'n opvoering te skep<br>• Vestig persoonlike en sosiale dissipline<br>• Gebruik improvisasie om karakters, struktuur en tonele te ontwikkel<br>• Skryf die teks, repeteer en rond die opvoering af<br>• Ontwikkel vokale en fisiese kommunikasievaardighede vir opvoering<br>• Demonstreer beide groep- en individuele opvoeringsvaardighede in improvisasie en toneelspel<br>• Doen deurlopend self- en portuurassessering | |
| **Assessering:**<br><br>**Taak 5: Praktiese Assesseringstaak 3**<br><br>**Taak 6: Toets** | <br><br>**50 punte**<br><br>**50 punte** |

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 4: Graad 10</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Toneelspel en Aanbieding, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 12:<br>Verhoogkonvensies of filmkonvensies</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Illustrasies van verhoogruimtes en gehoorformasies<br>• DVD’s ter illustrasie van filmkonvensies</td></tr>
<tr><td colspan="2">Verhoogkonvensies<br>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Begryp verskillende verhoogplasingskonvensies en ruimtes en hoe dit opvoering beïnvloed<br>Gebruik opvoerruimtes en verhoogkonvensies doeltreffend<br>Teorie<br>• Verhoogterminologie soos boverhoog, middelverhoog, onderverhoog, verhoog links, verhoog regs, prompt, opposite prompt<br>• Teaterruimtes: argitektuur en gehoorformasies<br>Prakties<br>Pas verhoogteorie toe op ’n toneel wat vir aanbieding voorberei word</td><td>Filmkonvensies<br>Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Verstaan verskillende filmtegnieke en konvensies en hoe dit opvoering beïnvloed<br>Gebruik filmtegnieke en konvensies doeltreffend<br>Teorie:<br>• Filmterminologie soos nabyskoot, medium skoot, afstandskoot, swenk (pan), uitdoof<br>• Filmkonvensies soos terugflits, vorentoe speel, voice over, verdeelde skerm<br>Prakties<br>Pas filmteorie toe op ’n toneel wat vir aanbieding voorberei word</td></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 13:<br>Groepopvoering</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>12 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Geskikte tekste vir opvoering</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Skep ’n geïntegreerde groepopvoering waarin elke individuele akteur drie items aanbied, waarvan party items uit vorige kwartale afkomstig mag wees<br>Prakties<br>• Kies, verken en bied drie items/stukke uit ’n reeks dramatiese en kulturele vorms en style aan; dit kan werk van vorige kwartale insluit<br>• Improviseer en gebruik basiese tegniese elemente op ’n skeppende wyse om ’n effektiewe visuele/klankomgewing vir groepopvoering te skep<br>Teorie<br>• Verstaan ontwerp en tegniese elemente: dekor, rekwisiete, beligting, klank, kostuum, grimering, spesiale effekte, en hoe om hierdie aspekte te improviseer<br>• Hersien toneelspel- en verhoogterminologie</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 4: Graad 10 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 14:**<br>Hersiening | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>8 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 10 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Bykomende LOOM deur DBO voorsien (vakadviseurs)<br>• Alle bykomende bronne toepaslik op tersaaklike onderwerpe |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>**Teorie en prakties**<br>• Onderwerp 1: Inleiding tot Dramatiese Kunste<br>• Onderwerp 2: Suid-Afrikaanse teater: kulturele opvoeringsvorms OF mondelinge tradisie<br>• Onderwerp 3: Toneelteks 1: Suid-Afrikaanse teater<br>• Onderwerp 4: Toneelstudie (groep)<br>• Onderwerp 5: Oorsprong van teater en Griekse teater<br>• Onderwerp 6: Toneelteks 2: Griekse teater<br>• Onderwerp 7: Nie-verbale kommunikasie (individueel of groep)<br>• Onderwerp 8: Teksvertolking (individueel)<br>• Onderwerp 9: Keuse van Middeleeuse/*commedia dell'arte*/Indiese teater<br>• Onderwerp 10: Toneelteks 3: Keuse van Middeleeuse/*commedia dell'arte*/Indiese/Suid-Afrikaanse teater<br>• Onderwerp 11: Suid-Afrikaanse teater: inleiding tot werkswinkelteater<br>• Onderwerp 12: Verhoog- en/of fimkonvensies<br>• Onderwerp 13: Groepopvoering | | |
| **Assessering:**<br>**Taak 7: Eindjaareksamen**<br>• **Geskrewe Eksamen**<br>• **Praktiese Eksamen** | <br><br>**150 punte**<br>**150 punte** | |

## DRAMATIESE KUNSTE: GRAAD 11

| **Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 11** | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 1:**<br>Realisme en Stanislavski | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>18 ure | **Aanbevole tekste en hulpbronne:**<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Enige gepubliseerde, geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Uittreksels uit realistiese toneelstukke vir praktiese werk<br>• DVD's of lewendige opvoerings van geskikte materiaal |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan die opkoms van realisme, die konvensies daarvan en die impak daarvan op drama

Verstaan Stanislavski se unieke bydrae tot teater

Pas die Stanislavski-sisteem toe op praktiese werk

**Teorie**

- Definisie van realisme
- Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot die verskyning van realisme
- Die *well-made play*
- Temas, karakters en kwessies
- Verhoogkonvensies: boksstel, die opkoms van die regisseur
- Dramaturge van die periode, sowel as meer onlangse Realistiese dramaturge
- Stanislavski as praktisyn
- Stanislavski se toneelspeltegnieke soos die magiese as *(magic if)*, konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosionele geheue, tempo-ritme, ontspanning
- Stanislavski se uiterlike karakteriseringstegnieke soos postuur, ouderdom, fisiese teenwoordigheid, klerasie/rekwisiete

**Prakties**

- Demonstreer begrip van Stanislavski se tegnieke in oefeninge
- Kies 'n uittreksel uit enige Realistiese toneelteks vir opvoering in 'n groep van twee of meer
- Ontleed en vertolk die karakter gebaseer op begrip van die teks in geheel
- Pas konsentrasie-, interaksie- en luistervaardighede toe in repetisie en opvoering
- Pas Stanislavski se toneelspeltegnieke toe op 'n opvoering

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| **Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 11** | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 2:**<br><br>**Toneelteks 1:** Realistiese teks | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>8 ure | **Aanbevole tekste/ hulpbronne:**<br>• Enige gepaste Realistiese toneelteks (tot die hedendaagse)<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br><br>Verstaan en ontleed 'n Realistiese teks en die inhoud daarvan<br><br>Bedink die teks in opvoering<br><br>**Teorie**<br>• Agtergrond en konteks: sosio-polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot die spesifieke toneelstuk<br>• Beginsels van drama: intrige/struktuur, dialoog, karakter, temas in toneelstuk wat bestudeer is<br>• Ontwerpelemente: visuele en klankwêreld van die toneelstuk soos bv dekor, kostuums, klank<br>• Plasing van teks op verhoog: regie/ontwerp<br>• Gehoorontvangs: verlede en hede<br><br>**Prakties**<br>• Bekende en onbekende leesstof vir opvoer<br>• Ontleding<br>• Bespreking | | |

ÉcoleBooks

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 11</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 3:<br>Stem- en liggaamswerk</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Tekste oor stemproduksie en spraak en fisiese liggaamsontwikkeling<br>• Kaarte en modelle vir stem/spraakteorie</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Verstaan die gebruik en vorming van die menslike stem<br>Ontwikkel vokale en fisiese tegnieke vir in-diepte verkenning van karakterisering<br>Teorie<br>• Hersien en verhoog kennis van: asemhaling, ontspanning, klankvorming, resonans, artikulasie en projeksie<br>• Demonstreer begrip van oefeninge in bogenoemde aspekte van stem en spraakvorming<br>• Gebruik kenmerke van spraak vir effektiewe kommunikasie soos tempo, pouse, infleksie, volume, toonhoogte, beklemtoning, stemtoon<br>• Vokale karakterisering soos ritme, aksent, houding<br>• Neutrale postuur (Alexander-tegniek)<br>• Fisiese karakterisering soos liggaamstaal, postuur<br>Prakties<br>• Opwarmingsaktiwiteite vir gefokusde ontwikkeling van stem/spraak en liggaam<br>• Voorbereiding en aanbieding van toneelwerk uit Onderwerp 1, met gebruik van fisiese en vokale tegnieke vir karakterisering</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assessering:<br>Taak 1: Praktiese Assesseringstaak 1<br>Taak 2: Toets</td><td><br>50 punte<br>50 punte</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 11 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 4:**<br><br>Suid-Afrikaanse teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>20 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Enige gepubliseerde, geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• DVD's of lewendige opvoerings van Suid-Afrikaanse teater met 'n agenda |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan die hibridiese aard van Suid-Afrikaanse teater

Ontleed die spesifieke funksies wat teater in die samelewing verrig

Voer 'n werkswinkeltoneel op, gebaseer op 'n kwessie waaroor daar besorgdheid heers

**Teorie**

- 'n Oorsig oor Suid-Afrikaanse teater tot en met 1994, insluitende:
  - Die diverse tradisies, identiteite en erfenisse in die ontwikkeling van inheemse en ingevoerde teaterstyle
  - Suid-Afrikaanse teaterruimtes (tradisioneel, Westers, township, staatbeheerd, feeste) en hoe hierdie ruimtes bygedra het tot die tipe werk wat opgelewer is
  - Werkswinkelteater as 'n metode waarmee teater geskep word wat toepaslik is op spesifieke Suid-Afrikaanse toestande (hersien uit Graad 10)
- Suid-Afrikaanse teater met 'n spesifieke agenda:
  - Protes-/Weerstandsteater
  - Gemeenskapsteater
  - Werkersteater
  - Opvoedkundige teater
  - Omgewingsteater
  - Teater vir Versoening
  - Satiriese Revue

**Prakties**

- Doen navorsing oor 'n vorm van Suid-Afrikaanse teater met 'n spesifieke agenda en bied die navorsing aan in die vorm van 'n plakkaat, opstel, radioprogram of TV dokumentêr
- Ontwikkel groepdinamiek vir werkswinkelteater
- Berei 'n kort, oorspronklike toneel/toneelstuk voor waarin omgewings-, opvoedkundige of sosiale kwessies deur die gebruik van werkswinkeltegnieke beklemtoon word
- Oordink en volg die opvoerproses (alle stadiums ingesluit, ook bemarking vir 'n gehoor) om hierdie oorspronklike toneel/toneelstuk tot by die aanbieding/opvoering daarvan te bring

| Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 11 | | |
|---|---|---|
| Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie | | |
| **Onderwerp 5:**<br>Toneelteks 2:<br>Suid-Afrikaanse teks | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>8 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• 'n Suid-Afrikaanse toneelstuk afkomstig uit die werkswinkelmetode en improvisasie/storievertelling, of 'n geskrewe teks<br>• DVD of lewendige opvoering van teks geskep deur werkswinkelmetode |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan die gemeenskaplike teaterskeppingsproses in Suid-Afrika

Verstaan en analiseer 'n Suid-Afrikaanse teks in konteks

**Teorie**

- Hersiening van die werkwinkelproses (fases en doelstellings) soos nodig
- Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot die toneelstuk wat bestudeer word
- Beginsels van drama: intrige/plot, karakter, dialoog, tema in die toneelteks wat gekies is
- Ontwerpelemente, die visuele en klankwêreld van die toneelstuk, insluitend stel, kostuum, klank
- Styl/genre
- Verhoog- en opvoerkonvensies
- Gehoorontvangs en kritiese reaksie: verlede en hede

**Prakties**

- Bekende en onbekende leesstof uit die toneelteks
- Ontleding
- Bespreking

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 11 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding** | | |
| **Onderwerp 6:**<br>Opvoering van Fisiese Teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>8 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• DVD of lewendige opvoering van fisiese teater |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>Ontwikkel bewegingsvaardighede deur die gebruik van basiese elemente van Laban se Bewegingsontleding<br>Pas fisiese vaardighede toe op groepopvoering<br>**Prakties**<br>• Berei liggaam voor vir beweging: opwarmingsaktiwiteite<br>• Vertroue tussen die groepslede, fokus en konsentrasie-oefeninge<br>• Verken liggaamshouding deur die gebruik van Laban se tegnieke van inspanning *(effort)*<br>• Ontwikkel 'n beweging- of fisiese teaterstuk in 'n groep deur die gebruik van Laban se tegnieke<br>LET OP: Die beweging-/fisiese teaterstuk mag deel uitmaak van die toneelstuk wat geskep is deur die werkswinkelmetode wat in Onderwerp 4 genoem word<br>**Teorie**<br>Fisiese vaardighede – Laban se teorie van Bewegingsontleding | | |
| **Assessering:**<br>**Taak 3: Praktiese Assesseringstaak 2**<br>**Taak 4: Midjaar Eksamen**<br>• **Geskrewe Eksamen**<br>• **Praktiese Eksamen** | | <br>**50 punte**<br><br>**150 punte**<br>**150 punte** |

| Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 11 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 7:**<br><br>**Gestileerde teater**<br><br>Ten minste EEN van die volgende:<br><br>Elizabethaanse teater of<br><br>Asiese (Japannese/ Chinese) teater of<br><br>Pan-Afrika teater of Hedendaagse Amerikaanse teater of<br><br>Ekspressionistiese teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>16 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br><br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Enige gepubliseerde en geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Uittreksels uit tekste vir praktiese werk<br>• DVD's of lewendige opvoerings van gepaste materiaal |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan en ontleed 'n gestileerde vorm van teater of 'n teaterbeweging binne 'n spesifieke samelewing

Gebruik gestileerde opvoertegnieke binne 'n individuele opvoering

**Teorie**

- Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot die teatervorm wat gekies is
- Eienskappe van een van die volgende tipes teater: Elizabethaans, Ekspressionisties, Asies, Amerikaans of Pan-Afrika
- Teater- en opvoertegnieke wat gebruik is
- Onderwerpkwessies van die toneelstukke/opvoerings
- Ontwerpelemente: die visuele en klankwêreld van die toneelstuk soos bv. stel, kostuums, rekwisiete, grimering, klank, beligting
- Dramaturge toepaslik op die styl wat gekies is

**Prakties**

- Pas gestileerde opvoertegnieke toe op enige gepaste teks vir individuele aanbieding/opvoering
- Neem die akteur-gehoor verhouding in gestileerde werk in ag


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 11 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 8:**<br>Toneelteks 3:<br>Gestileerde toneelteks | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>14 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>Enige gepaste teks uit enige EEN van die volgende dramabewegings:<br>• Elizabethaanse teater<br>• Asiese (Japannese/Chinese) teater<br>• Pan-Afrika teater<br>• Hedendaagse Amerikaanse teater<br>• Ekspressionisme |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan en ontleed die beginsels van stilering as ’n artistieke en toneelmatige keuse

Verstaan en ontleed die teks as ’n voorbeeld van die dramabeweging wat in Onderwerp 7 bestudeer is

**Teorie**

- Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig – relevant tot die toneelteks wat gekies is
- Beginsels van drama in die toneelteks wat gekies is soos intrige/plot, karakter, dialoog, temas
- Ontwerpelemente, die visuele en klankwêreld van die toneelstuk, insluitend stel, kostuum, rekwisiete, grimering, klank, beligting
- Verhoog- en opvoerkonvensies
- Gehoorontvangs en kritiese reaksie: verlede en hede

**Prakties**

- Bekende en onbekende leesstof uit die toneelteks
- Ontleding
- Bespreking

ÉcoleBooks

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 11</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 9:<br>Regisseur/ontwerper in teater of film</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>6 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• DVD's of lewendige opvoerings van gepaste materiaal ter illustrasie van regisseurs- of ontwerpelemente in teater of film</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Verstaan die rol en funksie van die regisseur en die ontwerper in teater en/of film<br>Teorie<br>• Die rol van die regisseur in teater en/of film<br>• Die rol van die ontwerper in teater en/of film<br>Prakties<br>Pas elemente en tegnieke van die regisseur/ontwerper toe op een van die toneelstukke wat gedurende die jaar bestudeer is</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assessering:<br>Taak 5: Praktiese Assesseringstaak<br>Taak 6: Toets</td><td><br>50 punte<br>50 punte</td></tr>
</table>

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 4: Graad 11</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 10:<br>Arm/Gestroopte teater</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>12 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Enige gepubliseerde en geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Enige gepaste toneelteks om as arm/gestroopte teater op te voer<br>• DVD's of lewendige opvoerings van gepaste materiaal</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Verstaan die konsep van "Arm/Gestroopte teater"<br>Pas Arm/Gestroopte teater-tegnieke toe op die ontwikkeling van 'n groepstuk<br>Verstaan die rol van Grotowski as 'n hernuwer van teater<br>Verstaan die toepaslikheid van Arm/Gestroopte teater-tegnieke binne die Suid-Afrikaanse konteks<br>Teorie<br>• Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig<br>• Eienskappe van Arm/Gestroopte teater<br>• Styl van aanbieding en opvoerkonvensies<br>• Ontwerpelemente, die visuele en klankwêreld van die opvoering, insluitend plasing, kostuum, musiek, klankeffekte<br>• Teaterpraktisyns: Grotowski en gekose Suid-Afrikaanse praktisyns<br>Prakties<br>• Pas vokale en liggaamsvaardighede toe op aanbieding/opvoering van Arm/Gestroopte teater<br>• Groepsitem: pas 'n bekende teks aan vir opvoering met gebruik van Arm/Gestroopte teater-tegnieke</td></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 11:<br>Voorbereiding vir praktiese werk</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 11 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Integrasie van stem- en liggaamsvaardighede<br>Pas opvoervaardighede toe op drie konstrasterende stukke vir aanbieding (twee groepsitems en een individuele item). Slegs een van hierdie items hoef 'n nuwe werk te wees<br>Prakties<br>• Ontwikkel die aanbieding: fokus op karakterisering, verhouding met ander karakters en die gehoor<br>• Pas stem- en liggaamsopleiding toe op al drie stukke<br>• Ontwikkel groepsdinamiek vir opvoering<br>• Gee aandag aan ontwerp – improviseer en gebruik visuele en klankelemente</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 4: Graad 11</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 12:<br>Hersiening</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>8 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne:<br>• Dramatiese Kunste Graad 11handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Bykomende LOOM deur DBO voorsien (vakadviseurs)</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Hersien teoretiese en praktiese inhoud/konsepte en vaardighede wat deur die jaar aangeleer is<br>Teorie en Prakties<br>• Onderwerp 1: Realisme en Stanislavski<br>• Onderwerp 2: Toneelteks 1: Realistiese teks<br>• Onderwerp 3: Stem- en Liggaamswerk<br>• Onderwerp 4: Suid-Afrikaanse teater<br>• Onderwerp 5: Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse teaterteks<br>• Onderwerp 6: Opvoering van Fisiese Teater<br>• Onderwerp 7: Gestileerde teater<br>• Onderwerp 8: Toneelteks 3: Gestileerde teaterteks<br>• Onderwerp 9: Die regisseur/ontwerper in teater en/of film<br>• Onderwerp 10: Arm/Gestroopte teater<br>• Onderwerp 11: Voorbereiding vir praktiese werk<br>• Onderwerp 12: Hersiening</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assessering:<br>Taak 7: Eindjaar eksamen<br>• Geskrewe Eksamen<br>• Praktiese Eksamen</td><td><br><br>150 punte<br>150 punte</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**DRAMATIESE KUNSTE: GRAAD 12**

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 12</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 1:<br><br>20e eeuse ‘ismes’</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br><br>6 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Enige gepubliseerde en geloofwaardige naslaanboek oor teatergeskiedenis<br>• Kunswerke eie aan 20e eeuse kunsbewegings<br>• DVD’s of lewendige opvoerings van gepaste materiaal</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br><br>Verstaan die agtergrond en konteks van moderne drama<br><br>Evalueer hoe teater ingelig word deur sosiale, geskiedkundige, politiese en ekonomiese kontekste, asook gebeure soos wêreldoorloë<br><br>Teorie<br>• Hersien basiese elemente en beginsels van realisme ten einde ’n vergelyking te tref met anti-realistiese bewegings<br><br>Bestudeer enige DRIE van die volgende bewegings, toepaslik op die teaterbewegings wat in Onderwerp 3 en 4 bestudeer word:<br>• Simbolisme<br>• Ekspressionisme (indien nie in Graad 11 behandel nie)<br>• Futurisme en Konstruktivisme<br>• Dadaïsme<br>• Surrealisme<br>• Eksistensialisme<br>  - praktisyns wat met bogenoemde bewegings verbind word<br>  - voorbeelde van nuwe denke in die teater - Craig en Appia as ontwerpers<br><br>Prakties<br>• Improviseer of voer in die klas (op ’n informele wyse) ’n kort toneel op wat die toneelspelbeginsels gebruik van enige van die ‘ismes’<br><br>Nota aan onderwysers: Hierdie is ’n oorsig van die verskeie twintigste eeuse bewegings in kuns en filosofie, wat aansluit by verskillende teaterbewegings</td></tr>
</table>

ÉcoleBooks

| Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 2:**<br>Tema/Oudisie/Tegniese program:<br>Groepopvoering | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>10 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Enige gepubliseerde en geloofwaardige naslaanboek oor stem/spraak en liggaam<br>• Praktiese eksamen proses-dokument |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verfyn stem- en liggaamsvaardighede

Pas vertolkende vaardighede en opvoertegnieke toe

Ontwikkel groepsdinamiek en ensemblewerk

Demonstreer ontwikkeling in bedrewenheid om verskillende style en opvoeringsvorms te hanteer

**Prakties**

- Kies tema (indien relevant)
- Kies items gebaseer op ’n tema (indien relevant) OF kies items om persoonlike veelsydigheid en verskeidenheid te demonstreer (oudisieprogram)
- Moontlike keuses vir groepopvoering sluit in ’n geskrewe toneel, koorspraakuittreksel, gedramatiseerde prosa in ’n groep, fisiese teater, uittreksel uit musiekteater, uittreksel uit oorspronklike film
- Ontwikkel, verfyn en pas vokale en fisiese vaardighede in groepitem toe
- Pas gepaste en relevante toneelspel-, opvoer- en ensemblevaardighede op groepitem toe
- Wend prosesse aan wat van toepassing is op die gekose groepopvoering
- Gebruik verhoogruimte op kreatiewe wyse: die liggaam in verhouding met ander liggame, die ruimte om die liggaam, verhoogruimte en die gehoor
- Ontwikkel vokale en fisiese vertolking en/of karakterisering
- Ontwikkel tegnieke vir emosionele aansluiting en visualisering
- Neem verhouding met luisteraar en bewustheid van gehoor in ag
- Plaas die stuk binne die tema- of oudisieprogram

**Teorie**

- Verstaan die aard en proses van ’n tema/oudisie/tegniese program
- Verstaan en pas toe:
  - eienskappe van stem en spraak
  - eienskappe van beweging (Laban se Bewegingsontleding of Lessac se tegniek om basiese bewegingswoordeskat te verseker)
  - verbale en nie-verbale kommunikasievaardighede
  - toneelspel- en verhoogterminologie
  - besin oor en evalueer werk wat opgevoer is

**Nota aan onderwysers:** Hierdie is die begin van die ontwikkelingsproses van die praktiese werk vir die finale eksamen. Die werk hieraan vind deurlopend plaas en diskresie moet gebruik word wanneer daar besluit word om hierdie werk die fokus van onderrig te maak.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| KIES **EEN** VAN DIE VOLGENDE: ABSURDE, EPIESE OF POSTMODERNE TEATER<br>Elke onderwerp word apart gelys onder Onderwerp 3 | | |
| **Onderwerp 3**<br>Absurde teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>10 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• *The Theatre of the Absurd* ~ Martin Esslin<br>• Uittreksels uit Absurde teater dramas<br>• DVD's of lewendige opvoerings van toneelstukke |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>Verstaan Absurde teater as anti-realisme<br>Ontleed die konvensies van hierdie dramabeweging<br>Demonstreer kennis van dramaturge wat met die beweging verbind word<br>**Teorie**<br>• Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig soos van toepassing op teaterbeweging<br>• Geskiedenis, oorsprong en invloede van/op Absurde teater<br>• Gemeenskaplike doelwitte van dramaturge<br>• Eienskappe: struktuur en vorm, taal, karakters, temas<br>• Stilistiese elemente soos: ontwerp, stel, kostuum, beligting, taalgebruik, karakterisering<br>• Verhoogtegnieke: Opvoerruimte, toneelspelstyl en beweging<br>• Rol van die regisseur/ontwerper in die interpretasie van Absurde teater<br>• Verskil tussen Realisme en Absurdisme<br>• Die invloed van Absurdisme<br>**Prakties**<br>• Informele werk aan tonele uit Absurde toneelstukke om beginsels te demonstreer | | |

| Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie | | |
| **Onderwerp 3:**<br><br>Epiese teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>10 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Uittreksels uit Brecht toneelstuk/ke<br>• DVD's of lewendige opvoerings van geskikte toneelstukke |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Verstaan Epiese teater as anti-realisme

Ontleed die konvensies van hierdie dramabeweging

Evalueer Brecht as 'n vernuwer van teater

**Teorie**

- Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig soos van toepassing op teaterbeweging
- Geskiedenis, oorsprong en invloede van/op Epiese teater
- Doelwitte van dramaturg
- Eienskappe: struktuur en vorm, taal, karakters, temas
- Stilistiese elemente soos: ontwerp, stel, kostuum, beligting, taalgebruik, karakterisering
- Verhoogtegnieke: opvoerruimte, toneelspelstyl en beweging
- Drie belangrike konsepte: Epies, Historifikasie, Vervreemding
- Rol van die regisseur/ontwerper in die interpretasie van Epiese teater
- Verskil tussen Dramatiese teater en Epiese teater
- Die invloed van Epiese teater

**Prakties**

- Informele werk aan tonele uit Epiese toneelstukke om beginsels te demonstreer

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 3:**<br>Postmoderne teater | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>10 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Uittreksels uit Postmoderne toneelstuk/ke<br>• DVD's of lewendige opvoerings van geskikte toneelstukke of films |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

Ondersoek die Postmoderne teaterbeweging

Demonstreer kennis van dramaturge wat met die beweging verbind word

Identifiseer belangrike kenmerke en konvensies van die beweging

**Teorie**

- Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig soos van toepassing op teaterbeweging
- Eienskappe: struktuur en vorm, taal, karakters, temas
- Stilistiese elemente soos: ontwerp, stel, kostuum, beligting, taalgebruik, karakterisering
- Verhoogtegnieke: Opvoerruimte, toneelspelstyl en beweging
- Verskil tussen Realisme en Postmoderne teater
- Vername dramaturge, regisseurs en skeppers van teater (plaaslike en internasionaal)
- Die invloed van Postmoderne teater

**Prakties**

- Besigtig uittreksels uit flieks of lees uittreksels uit toneelstukke

| Fase: VOO Kwartaal 1: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 4:**<br>Voorgeskrewe Toneelteks 1:<br>20e-eeuse teaterbewegings<br>(ÒF Absurd, ÒF Epies ÒF Postmodern) | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>10 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Gepubliseerde voorgeskrewe toneelteks<br>• Notas deur onderwyser voorsien |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>Ontleed en evalueer die toneelteks met betrekking tot sy verwante dramabeweging<br>**Teorie**<br>• Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig soos van toepassing op gekose toneelteks<br>• Agtergrond van die dramaturg/teksontwikkelaars<br>• Beginsels van drama soos: intrige/plot, karakters, dialoog, temas<br>• Teater- en dramategnieke en konvensies<br>• Die visuele en klankwêreld van die toneelstuk, soos bv. plasing op die verhoog, stel, kostuums, musiek<br>• Die teks as 'n ideale voorbeeld van Absurde/Epiese/Postmoderne teater<br>• Gehoorontvangs en kritiese reaksie: oorspronklike gehoor en vandag<br>**Prakties**<br>• Bekende en onbekende leesstof uit die teks | | |
| **Assessering:**<br>**Taak 1: Praktiese Assesseringstaak 1**<br>**Taak 2: Toets** | | <br>**50 punte**<br>**50 punte** |

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 12</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 5:<br>Voorgeskrewe toneelteks 2:<br>Suid-Afrikaanse toneelstuk (1960 -1994)</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>10 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Gepubliseerde voorgeskrewe toneelteks<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• DVD’s of lewendige opvoerings van toneelstukke</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Ontleed en evalueer die Suid-Afrikaanse toneelteks in konteks<br>NOTA: Vir agtergrond tot die teks wat bestudeer word, kan verwysing gemaak word na Graad 11 werk<br>Teorie<br>• Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig soos van toepassing op gekose toneelteks<br>• Agtergrond van die dramaturg/teksontwikkelaars<br>• Beginsels van drama in gekose toneelteks soos: intrige/plot, karakters, dialoog, tema<br>• Styl/genre van toneelteks<br>• Plasing op verhoog/stel<br>• Tegnieke en konvensies<br>• Gehoorontvangs en kritiese reaksie (van oorspronklike gehoor en vandag)<br>Prakties<br>• Bekende en onbekende leesstof uit die teks</td></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 2 vervolg:<br>Tema/Oudisie/Tegniese Program:<br>individuele en groepopvoering</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>16 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• ’n Keuse uit ’n reeks dramatiese en kulturele vorme en style<br>• Praktiese eksamen proses-dokument</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Prakties<br>• Verfyn stem- en liggaamsvaardighede<br>• Pas vertolkende vaardighede en opvoertegnieke toe op tweede stuk, wat ’n individuele stuk gebaseer op ’n teks behoort te wees soos bv. monoloog, gedig, storievertelling, gedramatiseerde prosa, uittreksel uit musiekteater<br>• Ontwikkel oorgange (dramahulpmiddels wat gebruik word om al die items kreatief saam te voeg), indien die program ’n temaprogram is<br>• Begin om aan die derde stuk te werk, wat individueel of groepswerk kan wees, soos bv. ’n bewegingstuk, fisiese teater, monoloog, toneel, poësie, storievertelling, gedramatiseerde prosa, uittreksel uit musiekteater<br>• Demonstreer ontwikkeling van en bedrewenheid in verskillende dramatiese en kulturele vorms en style<br>• Sien Onderwerp 2 hierbo vir detail</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Fase: VOO Kwartaal 2: Graad 12</th></tr>
<tr><td colspan="3">Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 6:<br>Suid-Afrikaanse kontemporêre teater (post-1994)</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>8 ure</td><td>Aanbevole tekste/hulpbronne<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Uittreksels uit gepubliseerde kontemporêre Suid-Afrikaanse toneelstukke<br>• DVD's of lewendige opvoerings van gepaste Suid-Afrikaanse toneelstukke</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/konsepte/vaardighede:<br>Ondersoek Suid-Afrikaanse teater na Apartheid<br>Demonstreer kennis van belangrike kontemporêre dramaturge en groepe<br>Identifiseer belangrike kenmerke en konvensies van hedendaagse teater in Suid-Afrika<br>Verstaan die doelwitte van teater in die samelewing<br>Teorie<br>• Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig (post-1994)<br>• Temas en belange van kontemporêre skrywers soos:<br>- Teater vir versoening<br>- Teater vir identiteit<br>- Teater vir ontwikkeling<br>- Teater as sosiale kommentaar<br>- Teater as politiese kommentaar<br>• Voorbeelde van dramaturge, regisseurs en teatergroepe<br>• Invloed van bewegings en style soos satire, fisiese teater, rituele, eenpersoonsvertoning, visuele teater, poppespel, gemeenskapsteater<br>• Belangrike eienskappe en rigtings in kontemporêre teater<br>• Rol van die regisseur/skepper van teater/ontwerper<br>• Gehoorontvangs en kritiese reaksie op die teks</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assessering:<br>Taak 3: Praktiese Assesseringstaak 2<br>Taak 4: Midjaar Eksamen<br>• Geskrewe Eksamen<br>• Praktiese Eksamen</td><td><br>50 punte<br><br>150 punte<br>150 punte</td></tr>
</table>


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie** | | |
| **Onderwerp 7:**<br>Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (post-1994) | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>10 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Gepubliseerde voorgeskrewe toneelteks |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>Ontleed en evalueer die teks in terme van:<br>**Teorie**<br>• Agtergrond en konteks: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artistiek, geskiedkundig, toneelmatig soos van toepassing op gekose toneelteks<br>• Agtergrond van die dramaturg/teksontwikkelaars<br>• Beginsels van drama in die gekose toneelteks soos: intrige/plot, karakters, dialoog, tema<br>• Styl/genre van toneelteks<br>• Plasing op verhoog/stel<br>• Tegnieke en konvensies<br>• Gehoorontvangs en kritiese reaksie op teks<br>**Prakties**<br>• Bekende en onbekende leesstof uit die teks | | |

ÉcoleBooks

| Fase: VOO Kwartaal 3: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 2 (vervolg):**<br>Tema/Oudisie/Tegniese Program:<br>Geïntegreerde aanbieding/ opvoering | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>14 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• ’n Keuse uit ’n reeks dramatiese en kulturele vorme en style<br>• Uittreksels uit gepubliseerde kontemporêre Suid-Afrikaanse toneelstukke<br>• Praktiese eksamen prosesdokument |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede:**<br>**Prakties**<br>• Pas vertolkende vaardighede en opvoertegnieke toe op al drie stukke<br>• Demonstreer ontwikkeling in die bemeestering van verskillende dramatiese en kulturele vorme en style vir aanbieding/ opvoering<br>• Werk in ’n groep of individueel om ’n geïntegreerde opvoering te skep<br>• Pas gepaste ontwerpelemente op die program toe<br>Sien Onderwerp 2 hierbo vir detail<br>**Nota aan onderwysers:** Hierdie is die hoogtepunt/kulminering en integrasie van al die praktiese werk wat in Graad 10-12 gedoen is | | |
| **Assessering:** | | |
| **Taak 5: Praktiese Assesseringstaak** | **50 punte** | |
| **Taak 6: Toets** | **50 punte** | |
| **Taak 7: Proefeksamen** | | |
| • **Geskrewe Eksamen** | **150 punte** | |
| • **Praktiese Eksamen** | **150 punte** | |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Fase: VOO Kwartaal 4: Graad 12 | | |
|---|---|---|
| **Breë onderwerp: Persoonlike Hulpbronontwikkeling, Toneelspel en Aanbieding, Opvoeringstekste in Konteks, Teater- en/of Filmproduksie** | | |
| **Onderwerp 8:**<br>Hersiening en konsolidasie van die jaar se werk | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>12 ure | **Aanbevole tekste/hulpbronne**<br>• Dramatiese Kunste Graad 12 handboek/e<br>• Notas deur onderwyser voorsien<br>• Gepubliseerde voorgeskrewe toneeltekste |

**Inhoud/konsepte/vaardighede:**

**Drie toneeltekste (twee Suid-Afrikaans, een Wêreld):**

- Struktuur, intrige/plot, tema, karakter, karakterisering, verhoudings, gebruik van taal en styl in gekose toneelstukke
- Verhoogtegnieke, stel, gebruik van tegniese hulpmiddels, kostuum/grimering
- Oogmerk van toneelstuk, sosio-ekonomiese/geskiedkundige konteks van die toneelstuk, ontvangs van die toneelstuk in oorspronklike konteks en vandag
- Spesifieke hulpmiddels en konvensies verwant aan die genre van die toneelstuk

**Teatergeskiedenis**

- “Ismes”
- Keuse van òf Absurdisme òf Epiese teater òf Post-modernistiese teater
- Arm/Gestroopte teater (uit Graad 11)
- Suid-Afrikaanse teater (pre- en post-apartheid)

**Bogenoemde onderwerpe in terme van:**

- Doelwitte van die teaterbewegings
- Agtergrond en konteks (insluitend filosofie) wat die genre belig
- Dramatiese/verhoogtegnieke en ander hulpmiddels wat in die genre gebruik word, met insluiting van ontwerpelemente
- Verhoogtipes wat in die genre gebruik word
- Terminologie en belangrike konsepte van die genre
- Voorbeelde van toneelstukke in elke genre
- Dramaturge en praktisyns
- Verhouding wat die genres met mekaar het: verskille, ooreenkomste, ontwikkelinge daaruit en reaksies daarop
- Evaluering van genre: effektiwiteit en toepaslikheid op teater en die samelewing vandag

**Prakties**

- Stemtegniek, insluitend postuur, asemhaling, klankvorming, resonans, artikulasie en projeksie
- Verbale eienskappe van kommunikasie: tempo, pouse, ritme, klem, toonhoogte, intonasie, volume en stemtoon
- Nie-verbale eienskappe van kommunikasie: gebare, postuur, beweging, gesigsuitdrukking en liggaamstaal
- Vertolkende en analitiese vaardighede om atmosfeer, karakter en betekenis in opvoering te skep
- Oefeninge om opvoervaardighede te verbeter en ontwikkel, insluitend groepdinamiek en ensemblespel
- Kennis van die prosesse en vereistes wat betrokke is by verskeie dramatiese aanbiedinge
- Begrip en toepassing van spesifieke terminologie wat in drama-aanbiedings gebruik word

**Nota aan onderwysers:** Tydstoewysing in kwartaal 4 is afhanklik van wanneer en hoe die finale praktiese en formele assesserings geskeduleer is.

# AFDELING 3

**ASSESSERING**

## 3.1 Inleiding

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses waardeur inligting oor die vertoning van leerders geïdentifiseer, bymekaargemaak en geïnterpreteer word deur verskeie metodes van assessering. Dit behels vier stappe: genereer en versamel bewyse van prestasie; evalueer die bewyse; hou rekord van die bevindinge en gebruik hierdie inligting om die leerder se ontwikkelingsvlak te verstaan sodat die proses van leer en onderrig bevorder en ondersteun word.

Aktiwiteite word by assessering ingesluit wat deur die hele jaar onderneem word. In Graad 10 - 12 behoort assessering beide informeel (Assessering vir Onderrig) en formeel (Assessering van Onderrig) te wees. In beide gevalle behoort gereelde terugvoer aan leerders gegee te word sodat dit die leerervaring kan bevorder.

## 3.2 Informele en daaglikse assessering

Assessering vir onderrig het die doelwit om deurlopend inligting oor leerders se prestasie in te samel sodat dit gebruik kan word om hul onderrig te verbeter.

Informele assessering is die daaglikse monitering van leerders se vordering. Dit word gedoen deur waarneming, besprekings, debatte, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser gesprekke, informele interaksie tydens klas, vrae en antwoorde, kort geskrewe aktiwiteite wat gedurende die les voltooi word soos bv skryfwerk as 'n karakter, kreatiewe skryfwerk, informele klaskameropvoerings, gevallestudies, ens. Informele assessering kan so eenvoudig wees soos om 'n les te stop sodat leerders waargeneem kan word of om die vordering van die leerproses met die leerders te bespreek. Informele assessering kan gebruik word om leerders se kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel, leerders se sterk- en swakpunte te assesseer, bykomende ondersteuning aan leerders te voorsien, sekere afdelings van die kurrikulum te herhaal of te hersien en leerders te motiveer en aan te moedig. Dit behoort ook gebruik te word om beplanning vir onderrig aan te vul, maar hoef nie opgeteken te word nie. Dit moenie beskou word as iets wat apart staan van leeraktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind nie. Hierdie assesseringstake kan deur leerders of onderwysers nagesien word.

Leerders word aktief by assessering betrek deur self-assessering en portuurassessering. Dit is belangrik omdat leerders hierdeur toegelaat word om uit hul eie opvoering te leer en daaroor te besin. Die resultate van die daaglikse informele assesseringstake word nie formeel opgeteken nie, tensy die onderwyser dit so wil doen. In so 'n geval kan 'n eenvoudige aftiklys gebruik word om rekord te hou van hierdie assessering. Onderwysers kan egter die leerders se prestasie in hierdie assesseringstake gebruik om verbale of geskrewe terugvoer aan leerders, die skool se Bestuurspan en ouers te voorsien. Dit is spesifiek belangrik wanneer leerhindernisse of swak deelname teëgekom word. Die resultate van daaglikse assesseringstake word nie in aanmerking geneem vir bevordering- en sertifiseringsdoeleindes nie.

## 3.3 Formele Assessering

Alle assesseringstake wat deel uitmaak van 'n formele assesseringsprogram vir die jaar word beskou as Formele Assessering. Formele assesseringstake word nagesien en formeel opgeteken vir bevordering- en sertifiseringsdoeleindes. Alle formele assesseringstake is onderhewig aan moderering om gehalte te verseker en om te waarborg dat gepaste standaarde gehandhaaf word.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Formele Assessering voorsien onderwysers van ’n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders binne ’n graad en in ’n spesifieke vak vorder. Voorbeelde van formele assessering sluit in toetse, eksamens en die Praktiese

Assesseringstake (PATe). Die PATe kan opstelle, navorsingstake, werksopdragte, projekte, mondelinge aanbiedings, demonstrasies en opvoerings insluit. Formele assesseringstake maak deel uit van ’n jaar lange formele Assesseringsprogram in elke graad en vak.

**Die formele assesseringsvereistes vir Dramatiese Kunste is soos volg:**

- In Graad 10 en 11 moet ses formele assesseringstake gedurende die skooljaar voltooi word. Hierdie ses formele assesseringstake maak 25% uit van die totale punt vir Dramatiese Kunste. Die ses formele assesseringstake bestaan uit die volgende:
- Twee geskrewe gekontroleerde toetse wat geskryf moet word gedurende kwartaal 1 en 3
- Een midjaareksamen wat ’n praktiese eksamen en ’n geskrewe eksamen insluit
- Drie praktiese assesseringstake (PATe) wat gedurende die skooljaar voltooi moet word. Elk van die drie PATe bevat TWEE afdelings: ’n voorbereidingsafdeling wat ’n teoretiese, geskrewe onderdeel is en ’n aanbiedingsafdeling wat ’n praktiese onderdeel is.
- Die eindjaareksamen bevat twee dele: ’n praktiese eksamen (150 punte) en ’n geskrewe eksamen (150 punte). Saam maak hierdie twee dele die oorblywende 75% uit.
- In Graad 10 en 11 vind alle assessering intern plaas.
- In Graad 12 moet daar sewe formele assesseringstake gedurende die skooljaar voltooi word. Hierdie sewe formele assesseringstake maak 25% van die totale punt vir Dramatiese Kunste uit. Die sewe formele assesseringstake bestaan uit die volgende:
- Twee geskrewe gekontroleerde toetse moet gedurende kwartaal 1 en 3 geskryf word;
- Een midjaareksamen, sowel as ’n proef- (September-) eksamen wat ’n praktiese eksamen en ’n geskrewe eksamen insluit; en
- Drie praktiese assesseringstake (PATe) moet gedurende die jaar voltooi word. Elk van die drie PATe bevat TWEE afdelings: ’n voorbereidingsafdeling wat ’n teoretiese, geskrewe onderdeel is en ’n aanbiedingsafdeling wat ’n praktiese onderdeel is.
- Die eindjaareksamen bevat twee dele: ’n praktiese eksamen (150 punte) en ’n geskrewe eksamen (150 punte). Saam maak hierdie twee dele die oorblywende 75% uit in in alle grade.
- In Graad 12 word die formele assessering (25%) intern opgestel en nagesien, maar ekstern gemodereer. Die eindjaar assessering (75%) word ekstern opgestel, nagesien en gemodereer.

| JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM VIR GRAAD 10 EN 11 | | | |
|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | **Kwartaal 2** | **Kwartaal 3** | **Kwartaal 4** |
| **Taak 1:**<br>(PAT) (Groep) (50)<br>• Voorbereiding (25)<br>• Aanbieding (25) | **Taak 3:**<br>(PAT) (Individueel) (50)<br>• Voorbereiding (25)<br>• Aanbieding (25) | **Taak 5:**<br>(PAT) (Groep) (50)<br>• Voorbereiding (25)<br>• Aanbieding (25) | |
| **Taak 2:**<br>Toets (50) | **Taak 4:**<br>Graad 10<br>Midjaar eksamen (200)<br>• Geskrewe eksamen (100)<br>• Praktiese eksamen (100)<br>Graad 11<br>Midjaar eksamen (300)<br>• Geskrewe eksamen (150)<br>• Praktiese eksamen (150) | **Taak 6:**<br>Toets (50) | **Taak 7:**<br>Graad 10 en 11<br>Eindjaar eksamen (300)<br>• Geskrewe eksamen (150)<br>• Praktiese eksamen (150) |

| JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM VIR GRAAD 12 | | | |
|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | **Kwartaal 2** | **Kwartaal 3** | **Kwartaal 4** |
| **Taak 1:**<br>(PAT) (Groep) (50)<br>• Voorbereiding (25)<br>• Aanbieding (25) | **Taak 3:**<br>(PAT) (Individueel) (50)<br>• Voorbereiding (25)<br>• Aanbieding (25) | **Taak 5:**<br>(PAT) (Gekombineerde individueel en groep) (50)<br>• Voorbereiding (25)<br>• Aanbieding (25) | |
| **Taak 2:**<br>Toets (50) | **Taak 4:**<br>Midjaar eksamen (300)<br>• Geskrewe eksamen (150)<br>• Praktiese eksamen (150) | **Taak 6:**<br>Toets (50) | Eksterne eksamen (300)<br>• Geskrewe eksamen (150)<br>• Praktiese eksamen (150) |
| | | **Taak 7:**<br>Proefeksamen (300)<br>• Geskrewe eksamen (150)<br>• Praktiese eksamen (150) | |

ÉcoleBooks

Die verskillende assesseringsvorms wat gebruik word, moet toepaslik wees vir die leerder se ouderdom en ontwikkelingsvlak. Die ontwerp van hierdie take moet die inhoud en vaardighede van die vak dek en ’n verskeidenheid van take insluit wat beplan is om die doelwitte van die vak te behaal.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Formele assessering moet voorsiening maak vir ’n reeks van kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders soos hieronder getoon:

**Tabel 1**

| KOGNITIEWE VLAK | PERSENTASIE |
|---|---|
| LAER ORDE: KENNIS – herroep, herken, lys, identifiseer, beskryf, noem, vind | 30 |
| MIDDEL ORDE: BEGRIP EN TOEPASSING – verduidelik, interpreteer, gebruik inligting in ’n ander bekende situasie, pas toe, gee voorbeelde, bespreek | 40 |
| HOËR ORDE: ANALISE, EVALUASIE EN SINTESE regverdig, vergelyk, organiseer, beskou krities, verken, genereer, skep, beplan, integreer, struktureer, rangskik, maak geldig, sluit af, dink uit | 30 |

## 3.4 Assesseringsprogram (PAT)

Die Assesseringsprogram is ontwerp om formele assesseringstake in ’n skool deur die loop van ’n kwartaal oor alle vakke heen te versprei.

### 3.4.1 Tipes formele assessering vir Dramatiese Kunste

PATe (Praktiese Assesseringstake) vir Dramatiese Kunste

Algemeen: Die vereistes van die vak Dramatiese Kunste moet in ag geneem word wanneer die PATe beplan en geïmplementeer word. In elke jaar moet een individuele opvoering, een groepopvoering wat van verbale en nie-verbale kommunikasie gebruik maak, en een groepopvoering gebaseer op fisiese werk, as ’n PAT voltooi word. Verskillende vorms en style van opvoering en aanbieding moet in die PATe gedek word. Die PATe bestaan elk uit 50 punte. Elkeen van die drie PATe bevat TWEE afdelings:

**Afdeling 1: Voorbereiding (25 punte), ’n teoretiese, geskrewe onderafdeling.**

Die fokus van hierdie onderafdeling is om kritiese, analitiese en kognitiewe vaardighede van die leerders te ontwikkel. Die geskrewe voorbereiding moet uit beplanning, voorbereiding, implementering, refleksie en optekening bestaan. Dit word aangebied in die formaat van ’n opstel, navorsing of werksopdrag wat die leerder voorberei op die praktiese onderafdeling (aanbieding) van die PAT. Leerders moet kognitiewe en konseptuele begrip toon van die vaardighede, kennis en waardes wat vir die praktiese onderafdeling vereis word.

Die doel van die geskrewe werk is om:

- die leerders deur ’n proses van akademiese voorbereiding te neem vir die praktiese taak;
- die leerders se begrip van die klaskamerwerk te konsolideer;
- die integrasie van teorie en praktyk in die vak Dramatiese Kunste te verseker; en
- die leerders voor te berei vir die midjaar, eindjaar en eksterne geskrewe eksamens van die Nasionale Senior Sertifikaat waar hulle ’n teoretiese eksamen moet aflê.

**Afdeling 2: Aanbieding (25 punte), 'n praktiese onderafdeling.**

Die fokus van hierdie onderafdeling is om praktiese toepassing van kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel. Dit berei ook die leerders voor vir die praktiese vereistes van die midjaar, eindjaar en eksterne praktiese eksamens (Graad 12) waar leerders een van die volgende kan aanbied: 'n temaprogram, oudisieprogram of 'n tegniese teaterprogram.

**Sien die tabel hieronder vir meer omvattende inligting oor die voorbereiding/teoretiese en die praktiese onderafdelings van die PATe**

| Voorbereiding vir die teoretiese onderafdeling van die PATe | | | |
|---|---|---|---|
| | **Praktiese Assesseringstaak** | **Praktiese Assesseringstaak** | **Praktiese Assesseringstaak** |
| Die volgende teoretiese onderafdelings word voorgestel vir die voorbereiding of refleksie van die praktiese komponente van die PAT. Hierdie teoretiese onderafdelings word voorgestel om die leerders se kognitiewe en teoretiese kennis te ontwikkel en om standaardisering te verseker. | Voorbereiding:<br>**Opstel.**<br>Leerders moet die teoretiese ondersteuningsmateriaal (notas) gebruik as voorbereiding of refleksie van die praktiese werk wat in die PAT gedoen word. | Voorbereiding:<br>**Navorsing.**<br>Leerders versamel addisionele bronmateriaal om onafhanklike navorsing te doen om sodoende hul begrip van die praktiese werk in die PAT te verbeter. | Voorbereiding:<br>**Werksopdrag (eie keuse soos joernaal, collage)**<br>Leerders bespreek hul beplanning en voorbereiding vir die aanbieding onderafdeling in die PAT.<br>Hierdie werksopdrag mag ook gebruik word ter voorbereiding van die geskrewe en praktiese eksamen. Elke leerder moet sy/haar ontwikkeling in die praktiese komponent van die PAT sowel as die geskrewe en praktiese eksamen dokumenteer deur: inligting te versamel, analiseer, interpreteer, en aan te bied. |
| | NOTA: Die fokus van die drie PATe (opstel, navorsing en werksopdrag) hoef nie in die volgorde hierbo gedoen te word nie. Al drie PATe moet in een jaar uitgevoer word, maar die opstel, navorsing en werksopdrag mag in enige van die drie kwartale gedoen word, volgens elke skool se spesifieke beplanning. | | |

ÉcoleBooks

**AANBIEDING/PRAKTIESE ONDERAFDELING VAN DIE PATe**

Onderwysers kies wattter dramavorm en/of tegniese aspekte geskik is volgens die skool se konteks, die leerders se ontwikkeling en die tyd van die jaar.

**Groepopvoering gebaseer op fisiese werk:**

Beweging, mimiek, dansdrama, fisiese teater en kulturele dansvorme en ander.

**Groepopvoering wat van verbale en nie-verbale kommunikasie gebruik maak:**

Groeptonele, werkswinkeldramas, geskrewe toneelstukke, geïmproviseerde tonele, koorspraak, gedramatiseerde groepsprosa, narratiewe aanbieding, Protesteater, Opvoedkundige teater, Werkersteater, Gemeenskapsteater, inheemse opvoeringsvorme, storievertelling, musiekteater, en ander.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**Individuele opvoering:**

Poësie, monoloog, gedramatiseerde prosa, populêre opvoering, storievertelling, inheemse opvoering, openbare redevoering, solo mimiek, solo fisiese teater, musiekteater, en ander.

**Tegniese aspekte:**

Toneelinkleding (dekor), rekwisiete, beligting, klank, kostuum, grimering, spesiale effekte, poppespel, maskers, produksieskedules, repetisies, verhoogbestuurplanne, bemarkingsplanne, voorportaalbestuur, toneelspel, regie, skryf van tekste, werkswinkelteater, teaterbestuur, ontwerp, en ander.

**TOETSE**

- Die toetse in Dramatiese Kunste moet substantief wees in terme van tyd en punte, en moet voorsiening maak vir 'n reeks vermoëns en 'n omvang van kennis en vaardighede assesseer. 'n Toets moet byvoorbeeld 'n minimum van 60 minute lank wees en uit 'n minimum van 50 punte tel.
- Toetse moet vrae insluit oor teorie wat onderliggend is aan persoonlike hulpbronne, skepping, maak en aanbied, begryp en analiseer, reflekteer en evalueer.
- Elke toets, oopboektoets en eksamen moet opgestel word vir 'n wye reeks van kognitiewe vlakke en moet ook langer antwoorde vereis.

**GESKREWE EKSAMENS**

Eksamenformaat in Graad 10 en 11

Daar is **twee** eksamens in Graad 10 en 11: een midjaar eksamen en die ander een aan die einde van die jaar. Elke eksamen bestaan uit 'n geskrewe eksamen en 'n praktiese eksamen. Die uiteensetting van die geskrewe eksamen is soos volg:

| GRAAD | GETAL VRAESTELLE | TYDSDUUR | PUNTETOEKENNING |
|---|---|---|---|
| **10** | **1** | **2 ure**<br>**3 ure** | Midjaar: 100<br>Eindjaar: 150 |
| **11** | **1** | **3 ure** | Midjaar en eindjaar:<br>150 |

Die struktuur van die eindjaar geskrewe eksamenvraestel vir Graad 11 is soortgelyk aan die struktuur van die Graad 12 eksterne vraestel. Sodoende sal leerders reeds ervaring hê van 'n drie uur lange vraestel wanneer hulle dit in Graad 12 teëkom. Hierdie geskrewe vraestel tel 150 punte van die eindjaar assesseringspunt in Graad 10 en 11. Die vrae in die vraestel sal die onderwerpe in Afdeling 3 van hierdie dokument assesseer.

Die **geskrewe eksamenvraestel** kan die volgende insluit:

- Paragraaf vrae
- Kontekstuele vrae
- Paragraaf en kort vrae gebaseer op persoonlike ontwikkeling en ervaring
- In Graad 11 moet daar ’n minimum van een opstel wees (soos die formaat van die Graad 12 vraestel)

**Eksamenformaat in Graad 12**

Leerders skryf een geskrewe eksamen (drie ure) wat ekstern opgestel en gemodereer word. Die geskrewe vraestel maak 150 punte uit van die eindjaar assesseringspunt in Graad 12. Die vrae in die vraestel sal die onderwerpe in Afdeling 3 van hierdie dokument assesseer.

Die **geskrewe eksamenvraestel** kan die volgende insluit:

- Paragraaf vrae
- Kontekstuele vrae
- Paragraaf en kort vrae gebaseer op persoonlike ontwikkeling en ervaring
- Ten minste een opstel

ÉcoleBooks

**PRAKTIESE EKSAMENS**

Die praktiese eksamen maak 150 punte uit van die eindjaar assesseringspunt in Graad 10 en 11.

Die drie opsies waaruit leerders kan kies vir hul praktiese eksamen in Graad 12 is:

A. Oudisieprogram

B. Tegniese teaterprogram

C. Temaprogram

**(A) OUDISIEPROGRAM:**

**Voorbereiding en proses**

**Kandidate, deur onderwysers gefasiliteer, moet die volgende doen:**

1. Bespreek, aan die begin van die proses, die doel en belang van ’n joernaal. Bespreek ook die formaat wat die joernaal moet aanneem. Die doel daarvan is om ’n geskrewe rekord te hou van beide die voorbereidings- sowel as die aanbiedingskomponent van die praktiese eksamen. Indien ’n kandidaat nie in staat is om deel te neem aan die praktiese eksamen nie, sal die onderwyser en die eksaminator/moderator hierdie geskrewe rekord gebruik om ’n punt vir die leerder te bepaal.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


2. Kies drie kontrasterende stukke. (Ten minste een hiervan moet van Suid-Afrikaanse oorsprong wees.) Elk van hierdie drie stukke moet ’n ander styl of genre verteenwoordig, soos inheemse drama, komedie, tragedie of klug. Oorweeg die kandidaat se vermoëns en voorkeure in die besluitneming. Sien die reeks van moontlike keuses wat in hierdie dokument onder die opskrif AANBIEDING/PRAKTIESE ONDERAFDELING van die PATe gelys word.

3. Skep gepaste oorgange tussen elk van die stukke.

4. Repeteer (oefen) hierdie items tot ’n afgeronde aanbieding.

5. Gebruik toepaslike vertolkings- en aanbiedingsvaardighede by die geselekteerde stukke en die onderskeie dramavorme uniek aan elk van hierdie stukke.

6. Bepaal so gou as moontlik ’n datum en tyd vir die praktiese eksamen wat aanvaarbaar vir al die deelnemers sal wees: kandidate, onderwyser, skool en eksaminator.

7. Die dag, datum en plek vir die praktiese eksamen sal gekommunikeer word deur die distrik/provinsie se projekkantore/streek/distrik/provinsiale eenheid.

8. ’n Oudisieprogram kan aangebied word deur ’n individuele kandidaat, maar dit is verkieslik dat een van die stukke ’n groepsitem is sodat interaksievaardighede gedemonstreer word.

9. Die lengte van ’n individuele kandidaat se program moet 5 minute wees.

10. Tegniese elemente wat benodig word vir die stukke word toegepas en geïntegreer, soos bepaal deur die provinsiale riglyne/konteks.

11. Repeteer hierdie werk tot 'n volwaardige en afgeronde program.

12. Kleredrag: Standaard swart uitrusting (t-hemp en broek of romp) mag gedra word, of leerders mag kostuumstukke kies waarmee karakter aangedui word. Die vloei van die program moet egter nie deur kostuumveranderings belemmer word nie.

13. Waar van toepassing moet lang hare uit die gesig teruggebind wees.

14. Vir eksamendoeleindes: stel 'n volledige teks saam van die oudisieprogram.

15. Rangskik die drama-items in toepaslike volgorde (kort program).

16. In gevalle waar die kandidaat 'n item vir 'n opvoering gekies het in enige ander taal as die TvLO (Taal van Leer en Onderrig) moet dit deur die kandidaat vertaal word in die taal van onderrig: Dramatic Arts of Dramatiese Kunste.

**(B) TEGNIESE TEATERPROGRAM:**

**Voorbereiding en proses**

**Kandidate, deur onderwysers gefasiliteer, moet die volgende doen:**

1. Bespreek aan die begin van die proses die noodsaaklikheid daarvan om 'n prosesmanuskrip of aantekeningboek te hou. Die doel daarvan is om rekord te hou van sowel die voorbereidende as die aanbiedingskomponent van die take wat uitgevoer is. Wanneer 'n kandidaat nie in staat is om aan die praktiese eksamen deel te neem nie, kan die onderwyser en die eksaminator/moderator hierdie geskrewe rekord gebruik om 'n eksamenpunt vir die leerder te bepaal.

2. Die Tegniese Teaterprogram bestaan uit twee opsies: 'n tegniese opsie of 'n regie opsie.

3. Waar kandidate die tegniese opsie gekies het, moet hulle hul bedrewenheid en kennis demonstreer soos toegepas op tegniese-/verhoogaspekte.

4. Voorlopige en finale tegniese planne en sketse (van bv. beligting, klank, ens) met die artistieke motivering asook die uiteindelike uitvoering daarvan word vereis in die vorm van 'n souffleursboek/regisseursteks/ aantekeningboek en 'n produksiejoernaal. Die kandidaat moet dit aan die eksamenpaneel voorlê.

5. Waar kandidate die opsie van regie gekies het, moet hulle die regie doen van 'n eenbedryf van ten minste 10 minute en die tegniese vereistes daarvan ontwerp en toepas.

6. Kandidate moet ook 'n gepaardgaande regisseursteks skep wat navorsing, karakterontwikkeling, blocking (uitlê van beweging), kostuums, beligting en ander relevante tegniese aspekte bevat.

7. Hierdie program is nie 'n maklike opsie nie – slegs kandidate wat uitsonderlike potensiaal en vermoëns in die tegniese aspekte van teater en regie toon, mag kies om 'n tegniese of regie program te doen.

8. Voordat die onderwyser begin om 'n kandidaat vir hierdie program en sy twee opsies voor te berei, moet hy/sy die provinsiale vakadviseur daaroor raadpleeg.

9. Die klem val op die oorspronklikheid en kreatiwiteit van die leerder wanneer daar met beskikbare hulpmiddels geïmproviseer word om 'n effektiewe visuele omgewing te skep, eerder as bloot die gebruik van gesofistikeerde tegniese hulpmiddels of die kandidaat se vermoë om met 'n beligting- of klanksisteem te werk.

10. Bespreek die matriks vooraf. Fokus op die assesseringskriteria soos ontwerp, verhoog-bestuur en regie.

11. Kandidate doen navorsing oor 'n reeks moontlike temas/eenbedrywe/opvoerings en kies een aan die einde van die proses.

12. Bepaal so gou as moontlik 'n datum en tyd vir die eksterne praktiese eksamen wat aanvaarbaar vir al die deelnemers sal wees: kandidate, onderwyser, skool en eksaminator.

13. Hierdie datum behoort op dieselfde dag te wees as dié van die ander kandidate wat 'n oudisie- of temaprogram aflê.

14. Bespreek 'n lokaal/opvoerruimte vir die eksterne praktiese eksamen.

15. In gevalle waar die kandidaat 'n item vir 'n opvoering gekies het in enige ander taal as die TvLO (Taal van Leer en Onderrig) moet dit deur die kandidaat vertaal word in die taal van onderrig: Dramatic Arts of Dramatiese Kunste.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**(C) TEMAPROGRAM:**

**Voorbereiding en proses**

**Kandidate, deur onderwysers gefasiliteer, moet die volgende doen:**

1. Bespreek, aan die begin van die proses, die doel en belang van ’n joernaal. Bespreek ook die formaat wat die joernaal moet aanneem. Die doel daarvan is om ’n geskrewe rekord te hou van beide die voorbereidings- sowel as die aanbiedingskomponent van die praktiese eksamen. Indien ’n kandidaat nie in staat is om deel te neem aan die praktiese eksamen nie, sal die onderwyser en die eksaminator/moderator hierdie geskrewe rekord gebruik om ’n punt vir die leerder te bepaal.

2. Bespreek die matriks vir die praktiese eksamen.

3. Deel die kandidate in groepe van vier tot ses. Kies drie kontrasterende stukke. (Een hiervan moet verkieslik Suid-Afrikaans wees.) Elk van hierdie drie stukke moet ’n ander styl of genre verteenwoordig, soos inheemse drama, komedie, tragedie of klug. Sien die reeks van moontlike keuses wat in hierdie dokument onder die opskrif AANBIEDING/PRAKTIESE ONDERAFDELING van die PATe gelys word.

4. Oorweeg die kandidaat se vermoëns en voorkeure in die besluitneming.

5. Elke kandidaat moet in die temaprogram ten minste een individuele en een groepstuk opvoer.

6. Elke groep hou 'n dinkskrum oor moontlike temas en kies aan die einde van die proses een finale tema.

7. Doen navorsing en kies geskikte materiaal (drama-items) vir hierdie tema.

8. Skep gepaste oorgange tussen elk van die stukke.

9. Bepaal so gou as moontlik ’n datum en tyd vir die praktiese eksamen wat aanvaarbaar vir al die deelnemers sal wees: kandidate, onderwyser, skool en eksaminator.

10. Die lengte van die program moet ongeveer 5 minute per kandidaat wees.

11. Repeteer (oefen) die dramastukke met die gepaardgaande oorgange sodat die aanbieding 'n afgeronde eenheid vorm.

12. Besluit watter tegniese elemente nodig en toepaslik is, en repeteer dit om deel te vorm van die program.

13. Kleredrag: Standaard swart uitrusting (t-hemp en broek of romp) mag gedra word, of leerders mag kostuumstukke kies waarmee karakter aangedui word. Die vloei van die program moet egter nie deur kostuumveranderings belemmer word nie.

14. Waar van toepassing moet lang hare uit die gesig teruggebind wees. Kandidate moet geen juweliersware dra nie.

15. Vir identifikasiedoeleindes moet elke kandidaat 'n verskillende kleur of simbool dra (lint, materiaal, ens.) wat duidelik om die arm vertoon word of aan die heup of bors vasgespeld word.

16. Rangskik die drama-items en oorgange in toepaslike volgorde.

17. Stel 'n volledige teks van die temaprogram saam.

18. In gevalle waar die kandidaat 'n item vir 'n opvoering gekies het in enige ander taal as die TvLO (Taal van Leer en Onderrig) moet dit deur die kandidaat vertaal word in die taal van onderrig: Dramatic Arts of Dramatiese Kunste.

**TEMA-, OUDISIE- OF TEGNIESE TEATERPROGRAM OPSIES**

**Vereistes vir aanbieding en eksamen**

1. ’n Gedrukte kopie van die teks en die program van die opvoering moet aan die eksaminator/moderator op die dag van die praktiese eksamen beskikbaar gestel word.

2. Skryf die name en vanne van die kandidate langs elke item wat hulle gaan opvoer op die gedrukte program.

3. Maak die opvoerlokaal gereed (vee die lokaal uit, rangskik die stoele, ruimte moet netjies en aanvaarbaar wees).

4. Verskaf die volgende aan die moderator:

    - tafel en stoele vir eksaminators
    - gedrukte kopie van die program
    - kontrolelys van die kandidate se
        - naam en van
        - kleurkode van elke kandidaat
        - eksamenpunt toegeken deur die onderwyser

ÉcoleBooks

5. In gevalle waar onderwysers 'n gehoor uitgenooi het, moet die gehoor deur die betrokke onderwyser verwelkom word en ingelig word dat hulle 'n EKSAMEN bywoon, en dat reaksie op die aanbieding verwag word, maar geen aandagafleiding of steurnis tydens die aanbieding toegelaat word nie.

6. Begin betyds.

7. Elke groep sal hul program voor 'n eksamenpaneel opvoer.

8. Wanneer onderwysers op die eksamenpaneel dien, moet hulle van die volgende aspekte kennis dra:

    - die drie praktiese eksamens se prosesse en prosedures
    - die toepaslike matrikse vir elkeen van die drie opsies
    - die Dramatiese Kunste KABV


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


### 3.5 Rekordering en verslaggewing

Rekordering is die proses waarby die onderwyser die vlak van 'n leerder se prestasie in 'n spesifieke assesseringstaak aanteken. Dit dui die leerder se vordering ten opsigte van die bemeestering van kennis aan soos wat dit in die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit is. 'n Verslag van die leerder se prestasie is 'n bewys van die leerder se konseptuele vordering binne die graad en of sy/hy gereed is om na die volgende graad bevorder te word.

'n Verslag van die leerder se prestasie moet ook gebruik word om die vordering wat deur onderwysers en leerders in die leer- en onderrigproses gemaak is, te bewys.

Deur verslaghouding word leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander betrokkenes bekend gemaak. Verslaggewing van leerderprestasie kan op verskeie maniere plaasvind. Dit sluit rapporte, ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyserkonferensies, telefoongesprekke, briewe, klas/skoolnuusbriewe, ensovoorts in. Onderwysers lewer in alle grade persentasiegewys verslag oor vakke. Die prestasievlakke word op 'n sewepuntskaal vir elke vak vanaf graad R tot graad 12 aangedui. Die verskillende prestasievlakke en die ooreenstemmende persentasies verskyn in die volgende tabel.

**KODES EN PERSENTASIES VIR REKORDERING EN VERSLAGGEWING**

| PRESTASIEVLAK | PRESTASIEBESKRYWINGS | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 - 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 - 29 |

Nota: Die sewepuntskaal moet duidelike beskrywers hê wat uitvoerige inligting vir elke vlak weergee.

Onderwysers sal

- die werklike punte teenoor die taak aanteken deur van 'n rekorderingsblad gebruik te maak; en
- verslag lewer met persentasies vir die vakke op die leerders se rapportkaarte.

### 3.6 Moderering van assessering

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die asseseringstake billik, geldig en betroubaar is. Moderering moet toegepas word op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlak. Omvattende en gepaste modereringspraktyke moet in plek wees vir die gehalteversekering van alle vakassesserings.

Alle Graad 10 en 11 take word intern gemodereer, terwyl alle Graad 12 take ekstern gemodereer word. Die vakhoof vir Dramatiese Kunste of die hoof van die Kuns en Kultuurdepartement by die skool sal gewoonlik hierdie proses bestuur.

**Moderering moet op drie vlakke uitgevoer word:**

- Skoolvlak: Formele Assesseringstake moet vir moderering aan die vakhoof voorgelê word voordat die

leerders die taak aanpak. Die onderwyser se beplanning en bewyse van leerder-prestasie moet twee keer ’n jaar deur die vakhoof of sy/haar gevolmagtigde gemodereer word.

- Distrik/streek: onderwyserportefeuljes en ’n voorbeeld as bewys van leerderprestasie moet twee keer gedurende die eerste drie kwartale gemodereer word.

- Provinsiaal/nasionaal: onderwyserportefeuljes en ’n voorbeeld as bewys van leerderprestasie moet een keer per jaar gemodereer word.

## 3.7 Bylae

**Asseseringsinstrumente**

Die volgende instrumente word voorgestel vir die assessering van die drie PATe (voorbereiding/teoretiese sowel as aanbiedingskomponente):

**RIGLYNE VIR DIE STANDAARDISERING VAN DIE OPSTEL**

**Kan in die tabel op die volgende bladsy gevind word.**

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| Onderwysers kan van hierdie riglyne gebruik maak as 'n hulpmiddel om te verseker dat die volgende aspekte gedek word: | |
|---|---|
| 1 | INSTRUKSIE<br>• Onderwerp word duidelik en eenvoudig aangebied, woordelys word aangewend<br>• Verdeel die onderwerp in kernidees vir paragrawe<br>• Sluit 'n plan in vir tydsbestuur: sperdatum, indien van bronne, ens.<br>• Spesifiseer die tipe opstel, bv. vergelykend, beskrywend, ens. |
| 2 | FORMAAT<br>• Formele struktuur, bv. skryf in paragrawe met kernidees<br>• Inleiding, liggaam/hoofgedeelte, samevatting/opsomming<br>• Lengte en gewig. Gebruik die volgende as 'n riglyn:<br>• ± 1 bladsy = ± 250 woorde = ± 25 punte vir 'n kort opstel (pas aan waar van toepassing) |
| 3 | INHOUD<br>• Die inhoud van die opstel moet die volgende weergee:<br>• Konseptualisering (begrip) en toepassing van vaardighede, kennis en waardes<br>• Ondersteuningsmateriaal, voorgestel of voorsien deur die onderwyser, wat as die basis van die opstel sal dien.<br>• Integrasie van praktiese ervaring en teoretiese materiaal moet duidelik waarneembaar wees<br>• Basiese terminologie (taal van drama) moet gebruik word<br>• Die opstel moet die praktiese en teoretiese ontwikkeling van die leerders se begrip van die onderwerp weergee |
| 4 | PUNTE TOEGEKEN<br>• Assesseringsmatriks word aan leerders gegee saam met die opdrag of instruksies<br>• Punte word toegeken volgens die kriteria soos gereflekteer in die assesseringsmatriks.<br>• 25 punte toegeken vir die voorbereiding (opsteltaak).<br>• 25 punte toegeken vir die opvoering/aanbieding.<br>• Punte word toegeken ooreenkomstig met kriteria wat bereik word, soos wat dit in die matriks uiteengesit word. |

| ANALITIESE MATRIKS OM DIE INDIVIDUELE OPSTEL TE ASSESSEER | | |
|---|---|---|
| **Kategorie** | **Punt %** | **Beskrywers (Bewyse)** |
| **Uitstaande prestasie** | 23 – 25 | Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitstaande vlak van bevoegdheid. In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid van oorspronklike en/of relevante dramatiese verwysings. Insiggewend; vloeiend; waarneming en kennis word treffend uiteengesit. |
| **Verdienstelike prestasie** | 20 – 22 | Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik oorspronklike en ongewone keuse van relevante dramaverwysings. Toon insig; waarneming en kennis is goed uiteengesit. |
| **Bevredigende prestasie** | 17 – 19 | Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur van die opstel. Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik. Word ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings. Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig.Moeite is gedoen met die aanbieding. |
| **Voldoende prestasie** | 13 – 16 | Struktuur nie altyd logies en georganiseerd nie, aanvaarbare poging met die aanbieding. Demonstreer basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramaverwysings. Genoegsame navorsing, maar kom gememoriseerd voor. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, by tye verbeeldingloos, maar regverdig soms bespreking van onderwerp. |
| **Gemiddelde prestasie** | 10 – 12 | Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Nie altyd genoeg inligting nie, soms is daar opflikkerings van insig. Beperkte keuse van inligting gemaak.<br>Swak taalvaardigheid. Argument word nie ondersteun deur bespreking nie |
| **Elementêre prestasie** | 06 – 09 | Verward – geen struktuur, beperkte woordeskat, min pogings aangewend om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Swak taalvaardigheid. Argument nie ondersteun deur bespreking nie. |
| **Onvoldoende** | 00 - 05 | Onsamehangend, baie min werk ingedien, beperkte vaardighede. Irrelevante inligting neergeskryf, geen bespreking om argument te ondersteun nie. |

| RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN DIE NAVORSINGSTAAK | | RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN DIE NAVORSINGSTAAK | |
|---|---|---|---|
| Onderwysers kan van hierdie riglyne gebruik maak as 'n hulpmiddel om te verseker dat die volgende aspekte gedek word: | | Onderwysers kan van hierdie **kontrolelys** gebruik maak as 'n hulpmiddel om te verseker dat die volgende aspekte gedek word: | |
| 1 | INSTRUKSIES of opdragte vir die navorsingstaak:<br>• Duidelik en ondubbelsinnig, bv. analiseer/beskryf/vergelyk/evalueer/voorspel/eie mening<br>• Demonstreer sensitiwiteit teenoor geslag, ras, taal, klas, ens. | 1 | INSTRUKSIES of opdrag vir die werksopdrag is:<br>• Duidelik en ondubbelsinnig<br>• Sensitief teenoor geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdiens |
| 2 | FORMAAT kan enige van die volgende moontlikhede wees:<br>• Geskrewe aanbieding (bv. navorsingsopstel met 'n inleiding, hoofgedeelte met kennis, samevatting/opsomming), minimum 300 woorde/2 bladsye<br>• Mondelinge aanbieding ondersteun deur geskrewe materiaal (notas, dinkskrum, ens), 3-5 minute per leerder<br>• Forumbespreking/debat met gepaardgaande teks (15 minute per groep van 5)<br>• Media: Filmuittreksels/Video/DVD/televisie-insetsels/radio/koerantuittreksels/ (3 – 5 minute)<br>• PowerPoint aanbiedings: 3 - 5 minute per leerder<br>• Onderhoude en gepaardgaande tekste (5 minute per paar/groep)<br>• Modelle van verhoogtipes, stelontwerpe, dekor, rekwisiete, kostuums met gepaardgaande geskrewe agtergrondinligting<br>• Collage [gemengde media (A0-grootte)], montage, ens. | 2 | FORMAAT kan enige van die volgende moontlikhede wees:<br>• Joernaalinskrywing<br>• Collage<br>• Montage in A0-formaat<br>• Visuele aanbieding (bv. foto's, video, DVD, klankopnames, ens.)<br>• Paragrawe<br>• Kreatiewe opstel<br>• Werksblad ontwerp deur die onderwyser<br>• Voorbereiding vir die finale praktiese eksamen<br>• Film-analise, teaterresensies, ens. |
| 3 | INHOUD van die navorsing:<br>• Konseptualisering (begrip) en toepassing van vaardighede, kennis en waardes<br>• Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (klaskamernotas en ander materiaal) moet in die navorsing geïntegreer word<br>• Basiese terminologie (die taal van drama) moet gebruik word in alle geskrewe aanbiedings | 3 | INHOUD van die werksopdrag:<br>• Die werksopdrag word gebruik om klaskameronderrig op te teken, om op 'n betekenisvolle manier te besin oor die onderrig en om bewyse te gee van die deurlopende ontwikkeling van die leerder<br>• Konseptualisering (begrip) en toepassing van vaardighede, kennis en waardes<br>• Ondersteuningsmateriaal, sowel as praktiese klaskameraktiwiteite kan gebruik word<br>• Integrasie van praktiese ervarings en teoretiese materiaal moet in die werksopdrag sigbaar wees<br>• Dramatiese Kunste-terminologie moet gebruik word<br>• Individuele besinning en ontwikkeling van teoretiese begrip deur praktiese werk, selfs in groepsaktiwiteite, moet in die werksopdrag waarneembaar wees<br>• Gespesialiseerde taalgebruik wat noukeurig verduidelik word, soos in die geval van IKS (Inheemse Kennissisteme), moet gebruik word<br>• Daar word voorgestel dat die werkopdrag gebruik word as voorbereiding vir beide die PAT aanbieding sowel as die praktiese eksamen. |
| 4 | BRONNE/versameling van inligting vir die navorsing:<br>• Verskeidenheid van bronne (onderhoude, veldwerk, menslike hulpbronne, boeke, koerante, televisie, film, internetbronne, ens.)<br>• 'n Minimum van twee bronne (nie meer as een internetbron nie)<br>• Verwysing na bronne (verwysingsisteem/bibliografie)<br>• Vermy plagiaat – slegs etiese gebruik van bronne toelaatbaar. | | |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**Die aanbiedingskomponente van die drie PATe.**

**Sien die volgende matrikse vir monoloog, toneel, poësie, prosa en beweging.**

| **MONOLOOG** | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Voorbereiding** | Die leerder ken die woorde van die monoloog en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie. | Die leerder ken nie die woorde van die monoloog nie en toon geen teken van oordenking, beplanning of repetisie nie. |
| **Begrip van monoloog** | Die leerder demonstreer begrip van die monoloog soos wat dit binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel voorkom. Hy/sy verstaan die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en hul motivering. | Daar is tekens van 'n mate van begrip van die monoloog, maar sekere aspekte is oorgesien, of is nie deurlopend konsekwent nie. Daar mag moontlik 'n verkeerde interpretasie van die gegewe omstandighede wees. | Die leerder toon min of geen begrip van die monoloog binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel nie. Hy/sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en hul motivering nie. Die gegewe omstandighede word geheel en al verkeerd geïnterpreteer. |
| **Vokale karakterisering:** | Die leerder demonstreer begrip van hoe al die elemente van stemwerk gesamentlik die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker kommunikeer. Hy/sy is in staat om 'n teks te vertolk, gepaste keuses ten opsigte van karakterisering te maak en die gekose karaktereienskappe toe te pas sonder vokale spanning/ooreising. Hierdie karakter-eienskappe kan die volgende insluit: toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, stemtoon en kwaliteit, om hul karakter se stem suksesvol en op gepaste wyse oor te dra. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar mag moontlik tekens van vokale spanning/ooreising wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees. | Die leerder is onsuksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar is deur-lopende vokale spanning/ooreising in die aanbieding. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks. |
| **Vokale duidelikheid** | Die leerder praat duidelik en hoorbaar vir goeie kommunikasie. Hy/sy is in staat om (binne perke) die gepaste volume vir 'n ruimte te produseer, sonder vokale span-ning/ooreising. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak vir goeie kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooreising. | Die leerder is onsuksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak vir goeie kommunikasie. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooreising. |

| MONOLOOG | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Fisiese karakterisering** | Die leerder demonstreer die vermoë om sy/haar liggaam aan te pas ten opsigte van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes, sodat 'n gepaste fisikaliteit vir sy/haar karakter op suksesvolle en gepaste wyse oorgedra word. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar mag tekens van onnodige spanning wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees. | Die leerder is onsuksesvol met die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar is regdeur die aanbieding oormatige en onnodige spanning. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks. |
| **Verhoogsin – gebruik van ruimte** | Die leerder demonstreer die vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend, sodat die aanbieding duidelik met die gehoor kommunikeer. Alle beweging is gemotiveerd. (Nota: In 'n monoloog kan beperkte of geen beweging gepas wees; die fokus moet dan verskuif na hoe die speelruimte gevul moet word ten einde die gehoor deur die aanbieding te raak.) | Die leerder is gedeeltelik suksesvol om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend. Dit mag wees as gevolg van selfbewustheid, maskering, onseker bewegings, of by tye ongemotiveerde bewegings . | Die leerder is onsuksesvol in die aanwending van die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse. Hy/sy is deurgaans selfbewus, maskeer hom/haarself, is onseker en beweeg dikwels sonder motivering. |
| **Emosionele aansluiting** | Die leerder demonstreer die vermoë om op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van sy/haar karakter aan te sluit, sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in terme van 'n gepaste en effektiewe aansluiting by sy/haar karakter se emosies; hy/sy mag moontlik nie ten alle tye oortuigend wees nie, of hulle mag in sekere momente op onvanpaste wyse reageer. | Die leerder is onsuksesvol om by die emosie van die karakter op 'n gepaste en effektiewe wyse aan te sluit; hy/sy is onoortuigend, of sy/haar emosionele keuses is geheel en al onvanpas. |
| **Vertolking van subteks** | Die leerder demonstreer begrip van die subteks en intensie wat gebruik word om die karakter se spreekbeurte en aksies vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word verken en regdeur die aanbieding volgehou. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in terme van die uitspeel van die subteks en intensie, en om die karakter se spreekbeurte en aksies vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word nie ten volle volgehou gedurende die aanbieding nie. | Die leerder is onsuksesvol in terme van die uitspeel van subteks en intensies. Spreekbeurte en aksies kom ongemotiveerd voor, min bewys word gelewer dat daar oor die subteks nagedink is, spreekbeurte word afgerammel/ opgesê en die karakter se innerlike lewe word glad nie gedurende die aanbieding volgehou nie. |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| MONOLOOG | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Vertolking van 'n karakter** | Die leerder vertolk die karakter op intelligente wyse en maak effektiewe en gepaste keuses, gebaseer op hul kennis van die toneelstuk waaruit die monoloog kom. | Die leerder se vertolking van die karakter is gedeeltelik suksesvol, sekere keuses is nie so effektief of gepas as wat verwag kan word nie, of daar is tekens van 'n gebrek aan begrip van die gegewe omstandig-hede van die toneelstuk. | Die leerder se vertolking van die karakter is onsuksesvol, hy/sy maak totaal onvanpaste keuses wat oneffektief is, en bewys word gelewer dat die gegewe omstandighede van die toneelstuk heeltemal misverstaan is. |
| **Verhouding met luisteraar** | Die leerder demonstreer die vermoë om 'n luisteraar (denkbeeldige mede-speler) deur middel van visualisasie te skep, of, indien dit gepas is, die gehoor as luisteraar te gebruik. Hy/sy demonstreer 'n begrip van sy/haar karakter se status in verhouding tot die luisteraar en sy/haar moontlike reaksies op wat tydens die verloop van die monoloog gesê word. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep van 'n luisteraar deur middel van visualisasie, of deur die gehoor as luisteraar te gebruik. Daar is 'n mate van begrip vir sy/haar karakter se status in verhouding tot die luisteraar, maar min begrip vir reaksies wat getoon word. | Die leerder is onsuksesvol om 'n luisteraar deur middel van visualisering te skep. Daar is min begrip vir hul karakter se status in verhouding tot die luisteraar, of van moontlike reaksies wat mag voorkom. |
| **Geloofwaardigheid** | Die leerder is ten alle tye binne die konteks van die monoloog geloofwaardig. | Die leerder is binne die konteks van die monoloog in sekere momente geloofwaardig. | Die leerder is selde binne die konteks van die monoloog geloofwaardig. |
| **Struktuur van monoloog** | Die leerder demonstreer begrip van hoe die dramaturg die monoloog gestruktureer het. Die monoloog het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die monoloog. | Die leerder het nie 'n duidelike onderskeid tussen begin, middel en einde getref nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie. | Daar is min bewys van struktuur, geen werklike aanduiding van 'n begin, middel en einde nie en die klimaks word nie gerealiseer nie. |
| **Ritme/vorm van monoloog** | Die leerder demonstreer begrip van die eb en vloei van die monoloog, die gebruik van tempo om te beklemtoon of na 'n klimaks toe te bou, en die verskuiwende ritmes van verskillende slae (*"beats"*) binne 'n monoloog. | Die leerder skep nie deurgaans genoegsame variasie binne die monoloog nie, tempo is by tye te reëlmatig of eentonig en daar is min bewys van verskillende slae (*"beats"*) binne die monoloog. | Daar is min of geen variasie in die monoloog nie, tempo is te reëlmatig of eentonig en geen bewys word gelewer van verskillende slae (*"beats"*) binne die monoloog nie. |

| MONOLOOG | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Skep van 'n gepaste genre/ styl** | Die leerder demonstreer die vermoë om genre en styl op gepaste wyse te vertolk en voldoen dan aan die vereistes van die genre/styl in terme van aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisiese handeling en dies meer. | Daar is 'n poging om genre en styl op gepaste wyse te vertolk, maar die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die monoloog gerealiseer nie. | Daar is min of geen pogings om genre en styl op gepaste wyse te vertolk nie en die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans in die monoloog gerealiseer nie. |
| **Impak van monoloog** | Die monoloog is onvergeetlik, effektief en innemend. | Die monoloog het sommige onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dié is inkonsekwent. | Die monoloog het min of geen onvergeetlike, effektiewe, innemende oomblikke nie. |

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| TONEEL | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Voorbereiding** | Die leerder ken die woorde van die toneel en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie. | Die leerder ken nie die woorde van die toneel nie en toon geen teken van oordenking, beplanning of repetisie nie. |
| **Begrip van toneel** | Die leerder demonstreer begrip van die toneel soos wat dit binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel voorkom. Hy/sy verstaan die basiese dilemma/konflik van die toneel, die karakters en hul motivering. | Daar is tekens van 'n mate van begrip van die toneel, maar sekere aspekte is oorgesien, of is nie deurlopend konsekwent nie. Daar mag moontlik 'n verkeerde interpretasie van die gegewe omstandighede wees. | Die leerder toon min of geen begrip van die toneel binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel nie. Hy/sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die toneel, sy/haar karakter en hul motivering nie. Die gegewe omstandighede word geheel en al verkeerd geïnterpreteer. |
| **Vokale karakterisering** | Die leerder demonstreer 'n begrip van hoe al die elemente van stemwerk gesamentlik die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker kommunikeer. Hy/sy is in staat om 'n teks te vertolk, gepaste keuses ten opsigte van karakterisering te maak en die gekose karaktereienskappe toe te pas sonder vokale spanning/ooreising. Hierdie karaktereienskappe kan die volgende insluit: toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, stemtoon en kwaliteit, sodat die stem van sy/haar karakter suksesvol en op gepaste wyse oorgedra word. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol om 'n vokale karakterisering te skep en vol te hou, of daar mag moontlik tekens van vokale spanning/ooreising wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees. | Die leerder is onsuksesvol om 'n vokale karakterisering te skep en vol te hou, of daar is deurlopende vokale spanning/ooreising in die aanbieding. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks. |
| **Vokale duidelikheid** | Die leerder praat duidelik en hoorbaar vir goeie kommunikasie. Hy/sy is in staat om (binne perke) die gepaste volume vir 'n ruimte te gebruik, sonder vokale spanning/ooreising. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak vir goeie kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooreising. | Die leerder is onsuksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak vir goeie kommunikasie. Volume kan slegs deur vokale spanning/ ooreising verkry word. |

| TONEEL | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Fisiese karakterisering** | Die leerder demonstreer die vermoë om sy/haar liggaam aan te pas ten opsigte van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes, ten einde sy/haar karakter se fisikaliteit op suksesvolle en gepaste wyse oor te dra. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol met die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar mag tekens van onnodige spanning wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die betrokke karakter of konteks wees. | Die leerder is onsuksesvol met die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of onnodige spanning regdeur die aanbieding is oormatig. Die fisiese karakterise-ring is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks. |
| **Verhoogsin – gebruik van ruimte** | Die leerder demonstreer die vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend, sodat die aanbieding duidelik met die gehoor kommunikeer en begrip vir die veranderende dinamika van die verhouding wat ondersoek word, getoon word. Alle beweging is gemo-tiveerd. | Die leerder is gedeeltelik suk-sesvol in sy/haar aanwending van die verhoogruimte op ge-paste en interessante wyse. Dit mag wees as gevolg van selfbewustheid, maskering van hom/haarself of ander, onseker bewegings, of by tye, ongemotiveerde bewegings. | Die leerder is onsuksesvol in die aanwending van die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse. Hy/sy is deurgaans selfbewus, maskeer hom/haarself en ander, is onseker en beweeg dikwels sonder motivering. |
| **Emosionele aansluiting** | Die leerder demonstreer die vermoë om op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van sy/haar karakter aan te sluit, sodat die gehoor van die geloofwaardigheid van hierdie emosies oortuig word. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in terme van 'n ge-paste en effektiewe aansluit-ing by sy/haar karakter se emosies; hy/sy sal moontlik nie ten alle tye oortuigend wees nie, of hy/sy sal op on-vanpaste wyse binne sekere momente reageer. | Die leerder is onsuksesvol in terme van 'n gepaste en effektiewe konneksie met sy/haar karakter se emosies; hy/sy is onoortuigend, of sy/haar emosionele keuses is geheel en al onvanpas. |
| **Vertolking van subteks** | Die leerder demonstreer begrip van die subteks en in-tensie wat gebruik word om 'n karakter se spreekbeurte en aksies vir 'n gehoor versta-anbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word ontgin en regdeur die aanbieding volgehou. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in terme van die uitspeel van die subteks en intensie en om die karakter se spreekbeurte en aksies vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se inner-like lewe word nie ten volle gedurende die aanbieding volgehou nie. | Die leerder is onsuksesvol in terme van die uitspeel van subteks en intensies. Spreekbeurte en aksies kom ongemotiveerd voor, min bewys word gelewer dat daar oor die subteks nagedink is, spreekbeurte word afgerammel/opgesê en die karakter se innerlike lewe word glad nie gedurende die aanbieding volgehou nie. |
| **Interaksie – luister** | Die leerder demonstreer die vermoë om in karakter te bly wanneer hy/sy nie praat, of nie die fokus van die aandag is nie; hy/sy reageer op en lu-ister ten alle tye na die ander karakters op die verhoog. | Die leerder is inkonsekwent in terme van karakterisering wanneer hy/sy nie praat, of nie die fokus van die aandag is nie; reaksies op en luister na ander karakters word nie volgehou deur die toneel nie. | Min of geen bewys word gelewer van karakterisering wanneer hy/sy nie praat, of nie die fokus van die aandag is nie; daar is min reaksie op die ander karakters en min of geen tekens dat hy/sy luister nie. |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| TONEEL | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Ontwikkeling van verhouding** | Die leerder toon begrip van sy/haar karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel en laat toe dat die verhouding tussen die karakters op gepaste wyse groei, ontwikkel en verander. | Die leerder is inkonsekwent om sy/haar karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel te toon; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel of verander nie op gepaste wyse nie. | Die leerder is onbewus van sy/haar karakter se verhouding tot die ander karakters in die toneel; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander geensins tydens die toneel nie. |
| **Geloofwaardigheid** | Die leerder is ten alle tye geloofwaardig binne die konteks van die toneel of toneelstuk. | Die leerder is in sekere momente geloofwaardig binne die konteks van die toneel of toneelstuk. | Die leerder is selde geloofwaardig binne die konteks van die toneel of toneelstuk. |
| **Struktuur van toneel** | Die leerder demonstreer begrip van hoe die dramaturg die toneel gestruktureer het. Die toneel het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die toneel. | Die leerder toon nie duidelike onderskeid tussen begin, middel en einde nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie. | Daar is min bewys van struktuur, geen werklike aanduiding van 'n begin, middel en einde nie en die klimaks word nie gerealiseer nie. |
| **Skep van 'n gepaste genre/ styl** | Die leerder demonstreer die vermoë om genre en styl op gepaste wyse te vertolk en voldoen dan aan die vereistes van die genre/styl in terme van aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisiese handeling en dies meer. | Daar is 'n poging om genre en styl op gepaste wyse te vertolk, maar die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die toneel gerealiseer nie. | Daar is min of geen pogings om genre en styl op gepaste wyse te vertolk nie en die vereistes van die genre/styl word nie in die toneel gerealiseer nie. |
| **Impak van toneel** | Die toneel is onvergeetlik, effektief en innemend. | Die toneel het sommige onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dié is inkonsekwent. | Die toneel het min of geen onvergeetlike, effektiewe, en innemende oomblikke. |

| POËSIE | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Voorbereiding** | Die leerder ken die woorde van die gedig en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie. | Die leerder ken nie die woorde van die gedig nie en toon geen teken van oordenking, beplanning of repetisie nie. |
| **Begrip van gedig** | Die leerder demonstreer begrip van die gedig en sy/haar vertolking is gepas en gemotiveerd. | Die leerder demonstreer gedeeltelike begrip van die gedig en sy/haar vertolking behoort gepas en gemotiveerd te wees. | Die leerder demonstreer geen begrip van die gedig nie en sy/haar interpretasie is onvanpas en ongemotiveerd. |
| **Oordrag van betekenis** | Die leerder begryp hoe om betekenis oor te dra deur middel van elemente soos frasering, pousering, beklemtoning, intonasie en stemtoon (kwaliteit). Hy/sy is in staat om 'n teks deur middel van hierdie elemente te vertolk en die betekenis van die teks duidelik en betekenisvol te kommunikeer. | Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol in die oordrag van die betekenis van die gedig. Die betekenis is nie altyd duidelik of veelseggend nie. | Die leerder is onsuksesvol in die oordrag van die betekenis van die gedig. Die betekenis is onduidelik of word op niksseggende wyse oorgedra. |
| **Vokale uitdrukkingsvermoë** | Die leerder is in staat om 'n gebalanseerde, aangename stem-kwaliteit te skep wat uniek is, by hom/haar pas en geen tekens van spanning/ooreising toon nie. Hy/sy verken en gebruik die uitdrukkings-, interpretasie en musikale aspekte van spraakklanke sodat subtiele betekenis en stemming/atmosfeer oorgedra word. | Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale spanning/ooreising. Hy/sy is nie heeltemal suksesvol in die verkenning en gebruik van die uitdrukkings-, interpretasie en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee nie. | Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale spanning/ooreising. Hy/sy is glad nie suksesvol in die verkenning en gebruik van die uitdrukkings-, interpretasie en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee nie. |
| **Vokale duidelikheid** | Die leerder praat duidelik en hoorbaar vir goeie kommunikasie. Hy/sy is in staat om (binne sekere perke) die gepaste volume vir 'n ruimte te gebruik, sonder vokale spanning/ooreising. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol om duidelik en hoorbaar te praat vir goeie kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooreising. | Die leerder is onsuksesvol om duidelik en hoorbaar te praat vir goeie kommunikasie. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooreising. |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| POËSIE | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Fisiese werk** | Die leerder kies beweging of stilwees wat toepaslik op die gedig en sy/haar vertolking daarvan is. Hy/sy toon beheer oor sy/haar liggaam ten einde onnodige spanning vry te laat en optimale liggaamsgerigtheid en balans te bewerkstellig. Die liggaam ondersteun die stem en word ten volle daarby geïntegreer. | Die leerder se keuses in terme van beweging of stilwees is nie altyd gepas vir die gedig nie, OF daar is 'n tekort aan beheer oor sy/haar fisikaliteit in sekere oomblikke, OF daar is by tye tekens van onnodige spanning, OF die liggaam word nie ten volle in die gedig geïntegreer nie. | Die leerder kies beweging of stilwees wat onvanpas vir die gedig is, OF daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit nie, OF daar is tekens van oormatige en onnodige spanning, OF die liggaam word geensins in die gedig geïntegreer nie. |
| **Emosionele aansluiting** | Die leerder is in staat om op effektiewe en gepaste wyse by die emosies van die persona in die gedig aan te sluit, sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol om gepas en effektief aan te sluit by die persona van die gedig se emosies; hy/sy sal moontlik nie altyd heeltemal oortuigend wees nie, of hy/sy mag in sekere momente op onvanpaste wyse reageer. | Die leerder is onsuksesvol om gepas en effektief by die persona van die gedig se emosies aan te sluit; hy/sy is onoortuigend, of sy/haar emosionele keuses is geheel en al onvanpas. |
| **Skep van gepaste atmosfeer** | Die leerder gebruik vokale en fisiese uitdrukking om 'n gepaste toon/atmosfeer vir die gedig te skep. | Die atmosfeer wat geskep word, is inkonsekwent, onvanpas, of word nie altyd deur die gedig volgehou nie. | Daar is min of geen begrip van atmosfeer, of die vermoë om dit op effektiewe wyse deur die gebruik van die stem en liggaam te skep nie. |
| **Aanwending van poëtiese elemente** | Die leerder demonstreer die bemeestering van poëtiese elemente wat eie aan sy/haar gedig is, insluitend die aanwending van: pousering, die lengte van versreëls en strofes, ritme, metrum, rym, beeldspraak, register, toon. | Nie alle poëtiese elemente word bemeester nie. | Min of geen van die poëtiese elemente word suksesvol aangewend nie. |
| **Impak van gedig** | Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en innemend. | Die gedig het sommige onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dié is inkonsekwent. | Die gedig het min of geen onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke nie. |

| INDIVIDUELE PROSA | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Voorbereiding** | Die leerder ken die woorde van die prosa-uittreksel en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie. | Die leerder ken nie die woorde van die prosa-uittreksel nie en toon geen teken van oordenking, beplanning of repetisie nie. |
| **Begrip van die prosa-uittreksel** | Die leerder demonstreer begrip van die prosa-uittreksel en sy/haar vertolking is gepas en gemotiveerd. | Die leerder demonstreer gedeeltelik begrip van die prosa-uittreksel en sy/haar interpretasie is sporadies gepas en gemotiveerd. | Die leerder demonstreer geen begrip van die prosa-uittreksel nie en sy/haar interpretasie is onvanpas en ongemotiveerd. |
| **Oordrag van betekenis** | Die leerder dra betekenis oor deur middel van elemente soos frasering, pousering, beklemtoning, intonasie en stemtoon (kwaliteit). Hy/sy is in staat om 'n teks te vertolk deur gebruik te maak van hierdie elemente en kommunikeer die betekenis van die teks duidelik en betekenisvol. | Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol in die oordrag van die betekenis van die prosa-gedeelte. Die betekenis is nie altyd heeltemal duidelik of veelseggend nie. | Die leerder is nie suksesvol in die oordrag van die betekenis van die prosa-gedeelte nie. Die betekenis is onduidelik of word op niksseggende wyse oorgedra. |
| **Vokale uitdrukkingsvermoë** | Die leerder gebruik 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit wat uniek is, by hulle pas en geen tekens van spanning/ooreising toon nie. Hy/sy verken en gebruik die uitdrukkings-, interpretasie en musikale aspekte van spraakklanke sodat subtiele betekenis en toon/atmosfeer oorgedra word. | Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale spanning/ooreising. Hy/sy is nie heeltemal suksesvol in die verkenning en gebruik van die uitdrukkings-, interpretasie en musikale aspekte van die spraakklanke om subtiele betekenis en toon/atmosfeer oor te dra nie. | Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale spanning/ ooreising. Hy/sy is glad nie suksesvol in die verkenning en gebruik van die uitdrukkings-, interpretasie en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en toon/atmosfeer oor te dra nie. |
| **Vokale duidelikheid** | Die leerder is in staat om duidelik en hoorbaar te praat en goed te kommunikeer. Hy/sy is in staat om (binne sekere perke) die gepaste volume vir 'n ruimte te produseer, sonder vokale spanning/ooreising. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol om duidelik en hoorbaar te praat en goed te kommunikeer. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ ooreising. | Die leerder is onsuksesvol om duidelik en hoorbaar te praat en goed te kommunikeer. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooreising. |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| INDIVIDUELE PROSA | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Voldoen ten volle (2)** | **Voldoen gedeeltelik (1)** | **Voldoen glad nie (0)** |
| **Fisiese werk** | Die leerder kies beweging of stilwees wat toepaslik op die prosa-uittreksel en sy/haar interpretasie daarvan is. Hy/sy demonstreer beheer oor sy/haar liggaam sodat onnodige spanning vrygelaat word en optimale liggaamsgerigtheid en balans bewerkstellig word. Die liggaam ondersteun die stem en word ten volle daarby geïntegreer. Die liggaam word op kreatiewe en betekenisvolle wyse aangewend in die dramatisering van die prosa-uittreksel. | Die leerder se keuses in terme van beweging of stilwees is nie altyd gepas vir die prosa-uittreksel nie, OF daar is in sekere momente 'n tekort aan beheer oor sy/haar fisikaliteit, OF daar is by tye tekens van onnodige spanning, OF die liggaam word nie ten volle in die prosa-uittreksel geïntegreer nie. Die liggaam word slegs hier en daar op kreatiewe en betekenisvolle wyse aangewend. | Die leerder kies beweging of stilwees wat onvanpas vir die prosa-uittreksel is, OF daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit nie, OF daar is tekens van oormatige en onnodige spanning, OF die liggaam word geensins in die gedig geïntegreer nie. Die liggaam word selde of glad nie op kreatiewe en betekenisvolle wyse aangewend nie. |
| **Dramatisering as opvoering** | Die leerder gebruik oorspronklike, effektiewe toneelmatige metodes om die prosa-uittreksel te dramatiseer, sodat dit as 'n opvoering werk. | Die leerder is slegs gedeeltelik effektief of oorspronklik in terme van die gebruik van toneelmatige metodes om die prosa-uittreksel te dramatiseer om as 'n opvoering te werk. | Die leerder is onsuksesvol in die gebruik van toneelmatige metodes om die prosa-uittreksel te dramatiseer om as 'n opvoering te werk. |
| **Gebruik van gepaste vertellingstegnieke** | Die leerder is bewus van die styl van sy/haar storie en die inherente vertellingstegnieke (bv. intsomi vertellings, sprokiesverhale, mites). Hy/sy gebruik gepaste tegnieke in sy/haar aanbieding, wat die volgende insluit: derdepersoons-vertelling, karakterskepping, gebruik van sang of sleursange, ens. | Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die aanwending van gepaste vertellingstegnieke, of gebruik net sekeres, of gebruik onvanpaste vertellingstegnieke wat nie by die styl van sy/haar storie aansluit nie. | Die leerder is onsuksesvol in die aanwending van gepaste vertellingstegnieke, of gebruik totaal onvanpaste vertellings-tegnieke wat nie by die styl van die storie aansluit nie. |
| **Skep van 'n gepaste atmosfeer/styl /genre** | Die leerder toon die vermoë om vokale en fisiese uitdrukking aan te wend sodat 'n gepaste atmosfeer/styl/genre vir die prosa-uittreksel geskep word. | Daar word pogings aangewend om die genre en styl te vertolk, maar die vereistes/uitdagings van die genre/styl word nie ten volle deur die loop van die prosa-uittreksel gerealiseer nie. | Daar is min of geen pogings om genre en styl te vertolk nie en die vereistes/uitdagings van die genre/styl word nie gedurende die prosa-uittreksel gerealiseer nie. |
| **Impak van prosa-uittreksel** | Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en innemend. | Die prosa-uittreksel het sommige onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dié is inkonsekwent. | Die prosa-uittreksel het min of geen onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke nie. |

| BEWEGING | | | |
|---|---|---|---|
| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **Gedeeltelik behaal** | **Behaal** | **Behaal met verdienste** |
| **Praktiese/ Aanbiedingsvaardighede**<br>1. Die vermoë om 'n verskeidenheid bewegings, choreografie-style en prosesse te verstaan en te gebruik. | Jy is in staat om 'n beperkte reeks bewegings te gebruik om sekwense te skep en toon min begrip vir die gebruik van ruimte, tyd en bewegingsdinamika. | Jy is in 'n staat om 'n verskeidenheid van bewegings te gebruik om sekwense te skep en toon begrip van choreografiestyle en -prosesse. | Jy kan 'n wye reeks bewegings gebruik om sekwense te skep en is in staat om verskeie choreografie-style en prosesse te verstaan en te gebruik. Jy toon goeie begrip van ruimte, tyd en dinamika. |
| 2. Die vermoë om bedrewenheid en selfvertroue in beweging te toon, sodat idees verstaan word. | Jy is in staat om sommige van jou dansidees duidelik uit te voer en moet nou meer selfvertroue ontwikkel wanneer jou werk vir ander aangebied word. | Jy is in staat om jou idees redelik goed uit te voer, sodat jou choreografie-idees gewoonlik begryp word. | Jy bied jou werk duidelik en met selfvertroue aan, sodat jou choreografie-idees deur jou gehoor verstaan word. |
| **Eksperimentering (ontwikkeling en realisering van idees)**<br>1. Die vermoë om 'n verskeidenheid stimuli, bykomstighede en bewegingstyle te gebruik om 'n sekwens te skep. | Met bystand kan jy sommige stimuli en bykomstighede gebruik om eenvoudige sekwense te skep. Jy is in staat om eenvoudige bewegingstyle te gebruik om 'n opdrag/taak te voltooi. | Jy begin om sommige stimuli en bykomstighede met selfvertroue te gebruik om eenvoudige sekwense te skep en is besig om 'n verskeidenheid bewegingstyle te ontwikkel. | Jy kan 'n wye verskeidenheid stimuli en bykomstighede met selfvertroue gebruik om ingewikkelde sekwense te skep en maak uitstekend gebruik van verskeie bewegingstyle. |
| 2. Die vermoë om vanaf die oorspronklike stimulus 'n idee uit te brei en te ontwikkel; om verskillende idees uit te probeer en hulle met nadenke en selfvertroue te selekteer of te verwerp ten einde die opdrag/taak te voltooi. | Jy kan 'n eenvoudige idee met bystand en aanmoediging ontwikkel, deur bewegings uit te probeer en te kies wat jy dink vir die opdrag/taak geskik is. | Jy kan 'n idee met toenemende selfvertroue ontwikkel, deur bewegings uit te probeer en te kies ten einde die opdrag/taak te voltooi. | Jy kan 'n eenvoudige idee ontwikkel in 'n komplekse sekwens, en duidelike besluite oor jou werk neem. Jy kan jou redes vir die kies van sekere bewegings met selfvertroue verduidelik en druk jouself uit deur van dansterminologie gebruik te maak. |
| **Kritiese Bewustheid**<br>1. Die vermoë om analitiese kommentaar te lewer wat die struktuur en aanbieding van eie en ander se werk verbeter. | Wanneer jy gevra word, kan jy kommentaar lewer op die danswerk wat jy gesien het ten einde dit te verbeter. | Jy is in staat om kommentaar te lewer wat help om jou eie en ander se werk te verbeter. | Jy is in staat om gedetailleerde en analitiese kommentaar oor danswerk te lewer, wat lei tot verbeterings in struktuur en aanbieding. |
| 2. Die vermoë om die werk van verskillende bewegingstyle te vergelyk en te kontrasteer. | Jy is in staat om, met bystand en aanmoediging, ooglopende verbintenisse tussen verskillende danswerke raak te sien. | Jy is in staat om vergelykings en konstraste tussen verskillende danswerke en choreografie-style raak te sien. | Jy kan subtiele vergelykings en konstraste tussen 'n verskeidenheid choreografiese dansstyle raaksien en met gemak beskryf wat jy bedoel. |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| BEWEGING | | | |
|---|---|---|---|
| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **Gedeeltelik behaal** | **Behaal** | **Behaal met verdienste** |
| 3. Die vermoë om die verskil tussen objektiewe oordeel en persoonlike voorkeur te verstaan wanneer dansvorme geskep, gebruik en bekyk word. | Met aanmoediging kan jy praat oor hoekom jy van 'n dans hou, deur woorde te gebruik wat die inhoud van die dans beskryf (bv. lyn, vorm, ritme, dinamika, ens.) | Jy kan oor dans praat deur gepaste terme/woorde te gebruik, en jy begin bewus raak van jou eie voorkeure en afkeure m.b.t. beweging. | Jy toon 'n duidelike begrip van dansvorms en struktuur na aanleiding van jou opmerkings en die terminologie wat jy gebruik. Jy is bewus van jou eie voorkeure m.b.t. beweging en is in staat om hulle te weerhou, of aan te wend waar van toepassing. |
| **Persoonlike en Sosiale Vaardighede**<br>1. Die vermoë om as groepslid samewerking te gee en idees uit te ruil ten einde die opdrag/taak te voltooi. | Jy kan soms met ander mense saamwerk deur ’n paar idees te deel sodat ’n groepsopdrag/-taak voltooi word. | Jy werk gewoonlik goed saam met ander mense en maak ’n paar bydraes tot die werk van die groep. | Jy werk goed as lid van 'n groep, maak baie bydraes en deel baie idees vir die werk van die groep. |
| 2. Die vermoë om onafhanklik van ander 'n idee te ontwikkel en werk te organiseer. | Jy kan, met hulp en aanmoediging, sommige werk/take op jou eie ontwikkel en voltooi. | Jy is in staat om jou werk te organiseer en eenvoudige idees op jou eie te ontwikkel. | Jy is baie goed georganiseerd en is in staat om idees suksesvol op jou eie te ontwikkel. |
| 3. Die vermoë om fokus en inspanning vol te hou deur alle fases en tipes werk/take. | Indien jy gehelp of aangemoedig word, kan jy soms aan ’n idee bly werk van begin tot einde. | Jy kan gewoonlik aan 'n idee van begin tot einde bly werk. | Jy bly geïnteresseerd in 'n taak deur al die fases van ontwikkeling en werk hard, selfs al is dit 'n moeilike taak/ opdrag. |

**VOORGESTELDE MATRIKSE VIR DIE ASSESSERING VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN**

**Praktiese Eksamen: Tegniese Program**

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | **80-100** | Deur gebruik te maak van geïmproviseerde en gevonde materiaal, het die kandidaat 'n effektiewe visuele of ouditiewe omgewing geskep. Hy/sy het toneelmatige (visuele of ouditiewe) apparaat gebruik om samehang te skep, die ontwerpkonsep is duidelik, verbeeldingryk, relevant tot die materiaal, goed geïntegreer en 'n plesier vir die oog. Hy/sy het rekwisiete/dekorstukke/ beligting/klank/kostuums op innoverende wyse gebruik. Die ontwerp dra by tot moeitelose oorgange tussen stukke. Daar is 'n duidelik sin vir styl en die ruimte is effektief gebruik. |
| **Verdienstelik** | **70-79** | Deur gebruik te maak van geïmproviseerde en gevonde materiaal, het die kandidaat 'n effektiewe visuele of ouditiewe omgewing geskep. Hy/sy het toneelmatige (visuele of ouditiewe) apparaat gebruik om 'n mate van samehang te skep; die ontwerpkonsep is relevant tot die materiaal en goed geïntegreer. Hy/sy maak op innoverende wyse gebruik van rekwisiete/ dekorstukke/ beligting/ klank/ kostuums. Ontwerp- en tegniese elemente is op die oorgange toegepas. Styl word tot 'n mate aangespreek. |
| **Bevredigend** | **60-69** | Die kandidaat het 'n visuele of ouditiewe omgewing geskep deur gebruik te maak van materiaal wat beskikbaar is. Hy/sy kon konsepte verder ondersoek/ontwikkel het, of meer verbeeldingryke maniere gevind het om visuele/ouditiewe elemente aan te wend. Oorgange word tot 'n mate deur die ontwerp aangespreek. |
| **Voldoende** | **50-59** | Daar is 'n ontwerpkonsep en 'n visuele/ouditiewe omgewing, wat op beperkte wyse gebruik word. Die oorgange of die sin vir samehang kon verder ontwikkel word. Die kandidaat kon die ontwerpskonsep verder geïntegreer het. |
| **Gemiddeld** | **40-49** | Ontwerp is tot 'n mate gebruik en 'n ontwerpkonsep bestaan. Baie meer kan gedoen word om toneelmatige samehang te verkry. |
| **Elementêr** | **30-39** | ’n Paar ontwerp- en tegniese elemente is gebruik, maar hulle verleen nie samehang nie en die ontwerpkonsep is onduidelik. |
| **Onvoldoende** | **0-29** | Daar is geen duidelike ontwerpkonsep nie en min aandag is gegee aan die tegniese aspekte van die opvoering. |

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**PRAKTIESE EKSAMEN: TEGNIESE PROGRAM – VERHOOGBESTUURDER SE TEKS**

| VERHOOGBESTUURDER SE TEKS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kriteria** | **80-100%** | **70-79%** | **50-69%** | **35-49%** | **1-34%** |
| **Rekwisietelys (waar van toepassing)** | Volledige rekwisietelys word vir elke toneel verskaf, met aanduidings van die funksie van elke rekwisiet. | Die meeste rekwisiete word aangedui, sowel as die tonele waar dit gebruik word en sommige funksies daarvan. | Die meerderheid rekwisiete sowel as meeste van die tonele waarin dit gebruik word, is aangedui. | Sommige rekwisiete word gelys, maar tonele waarin dit gebruik word is nie aangedui nie. | Geen rekwisietelys, of 'n uiters onvolledige lys sonder aanduidings van die tonele waarin dit gebruik word. |
| **Kostuumlys (waar van toepassing)** | Volledige kostuumlys word vir elke toneel verskaf, met aanduidings van die funksie van elke kostuum. | Die meeste kostuums word aangedui, sowel as die tonele waar dit gebruik word. Sommige funksies word aangedui. | Die meerderheid kostuums sowel as meeste van die tonele waarin dit gebruik word, is aangedui. | Sommige kostuums word gelys, maar tonele waarin dit gebruik word, is nie aangedui nie. | Geen kostuumlys, of 'n uiters onvolledige lys sonder aanduidings van die tonele waarin dit gebruik word. |
| **Dekorlys (waar van toepassing)** | Volledige dekorlys word vir elke toneel verskaf, met aanduidings van die funksie van elke dekorstuk. | Die meeste dekorstukke word aangedui, sowel as die tonele waar dit gebruik word, en sommige funksies word aangedui. | Die meerderheid dekorstukke sowel as die meeste van die tonele waarin dit gebruik word, is aangedui. | Sommige dekorstukke word gelys, maar tonele waarin dit gebruik word, word nie aangedui nie. | Geen dekorlys, of 'n uiters onvolledige lys sonder aanduidings van die tonele waarin dit gebruik word. |
| **Lys van die geselskap met hul kontak nommers** | Volledige geselskaplys word vir elke toneel verskaf, met volledige kontakbesonderhede via verskillende kommunikasiemediums. | Volledige geselskaplys word vir elke toneel verskaf, met kontakbesonderhede in ten minste een kommunikasiemedium. | Volledige geselskap-lys met die meeste van die kontakbeson-derhede is verskaf, maar nie vir elke toneel nie. | Onvolledige geselskaplys, met onvolledige kontakbesonderhede, is vir van die tonele verskaf. | Geen geselskaplys, of 'n uiters beperkte lys, sonder enige kontakbesonderhede, is vir sommige van die tonele verskaf. |
| **Klank Q's (waar van toepassing)** | Klank Q's is korrek genoteer, met beide die impuls en gepaste antisipasie-aanduidings. Dit toon die luidspreker seleksie en klankhoogte wat gepas is vir die opvoerruimte. | Klank Q's is korrek genoteer, met impuls-aanduidings. Dit toon die luid-spreker seleksie en klankhoogte. | Klank Q's met impulse is genoteer, en toon die luid-sprekerseleksie en klankhoogte. | Sommige klank Q's is aangedui met die klankhoogte. | Geen klank Q's of bitter min klank Q's, sonder klankhoogte, is aangedui. |

| VERHOOGBESTUURDER SE TEKS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kriteria** | **80-100%** | **70-79%** | **50-69%** | **35-49%** | **1-34%** |
| **Beligting/LX Q's (waar van toepassing) (Hou die beskikbare toe-rusting in gedagte)** | Alle LX Q's is korrek genoteer, met beide die impuls en gepaste antisipasie-aanduidings. Toon die ligarea en gepaste lig-intensiteit vir die opvoerruimte sowel as die tyds-berekening. | LX Q's is korrek genoteer met im-pulsaanduidings. Toon ligarea en lig-intensiteit sowel as tydsber-ekening. | LX Q's is korrek aangedui. Toon ligarea en lig-intensiteit sowel as tydsber-ekening. | LX Q's is aanged-ui. Toon lig-intens-iteit. | Geen LX Q's of beperkte LX Q's, met geen aanduiding van lig-intensiteit of tydsberekening nie. |
| **Bewegings genoteer** | Alle bewegings is genoteer, met gepaste afkortings en verwysing na meublement en dekor. | Alle bewegings is genoteer met gepaste afkortings. | Alle bewegings is genoteer. | Sommige bewegings is genoteer. | Baie min of geen bewegings is genoteer nie. |
| **Toneelveranderings** | Alle toneelverande-rings is aangedui, met notas oor hoe dit uitgevoer moet word, gepaste oproep aanduidings, tydsberekening en die betrokke tegniese spanlede/ akteurs. | Alle toneelverande-rings is aangedui, met notas oor hoe dit uitgevoer moet word en tegniese span/akteurs wat daarby betrokke is. | Alle toneelverande-rings is aangedui, met notas oor aksies wat uitgevoer moet word. | Sommige toneelveran-derings is aangedui, met sommige van die aksies wat uitgevoer moet word. | Geen of baie min van die toneel-veranderings is aangedui. |
| **Oproepe/ *calls*** | Alle oproepe is genoteer, met duidelike tydsaanduidings, sowel as impulse, en waar nodig, antisipasie-aanduidings. | Alle oproepe is genoteer, met tyd- en impuls-aanduidings. | Alle oproepe is genoteer met impulse. | Party oproepe is aangedui met sommige impulse. | Geen oproepe of baie min oproepe is aangedui. |

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VERHOOGBESTUURDER SE TEKS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kriteria** | **80-100%** | **70-79%** | **50-69%** | **35-49%** | **1-34%** |
| **Aanvangs- en afsluitings-prosedures** | Uiters gepaste protokol vir aanvangs- en afsluitings-prosedures word gebruik en in die teks genoteer, met oproepe, tydsbeplanning, sowel as die vereiste impulse. Betrokke tegniese spanlede/akteurs is by oproepe aangedui. | Gepaste protokol vir aanvangs- en afsluitingsprose-dures word gebruik en in die teks genoteer, met oproepe en die vereiste impulse. | Protokol vir aan-vangs- en afsluitingsprose-dures word gebruik en in die teks genoteer, met die vereiste impulse. | Aanvangs- en afsluitingsprose-dures is in die teks aangedui. | Geen of beperkte aanduidings van aanvangs- en afsluitingsprose-dures. |
| **Uitleg van rekwisiete tafel** | Duidelik gemerkte kaart word verskaf wat 'n deurdagte uitleg van alle rekwisiete op die rekwisietetafel aandui. Volgorde van rekwisiete word na aanleiding van tonele of ander gepaste kriteria bepaal. | Gemerkte kaart word verskaf wat die uitleg van alle rekwisiete op die rekwisietetafel aandui. | Kaart word verskaf wat die uitleg van rekwisiete op die rekwisietetafel aandui. . | 'n Tipe aanduiding van rekwisiete-uitleg word verskaf. | Geen aanduidings van rekwisiete, of onvolledige uitleg met slegs party van die rekwisiete. |
| **Vloerplan van verhoogopset** <br> **(waar van toepassing)** | Duidelik gemerkte verhoogplan met akkurate aanduidings van die plasing van alle rekwisiete, meubels en dekor vir elke toneel met baie detail. | Duidelik gemerkte verhoogplan wat alle rekwisiete, meubels en dekor met 'n mate van detail aandui. | Funksionele verhoogplan wat alle rekwisiete, meubels en dekor aandui. | Verhoogplan wat rekwisiete, meubels en dekor aandui. | Geen verhoogplan, of onvolledige verhoogplan wat party aspekte van die rekwisiete, meubels en dekor aandui. |

| VERHOOGBESTUURDER SE TEKS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kriteria** | **80-100%** | **70-79%** | **50-69%** | **35-49%** | **1-34%** |
| **Vloerplan van beligtingareas**<br><br>**(waar van toepassing)** | Duidelik gemerkte verhoogplan met akkurate aanduidings van die plasing van beligtingareas met kleur/ stemming/stand en baie detail vir elke toneel. | Duidelik gemerkte verhoogplan met akkurate aanduidings van die plasing van beligtingareas met kleur/ stemming/stand vir elke toneel. | Funksionele verhoogplan wat die plasing van beligtingareas aandui, met basiese dag/nag-en/of binne/buite-aanduidings. | Verhoogplan wat die beligtingareas aandui. | Geen verhoogplan, of 'n onvolledige verhoogplan wat net party aspekte van die beligtingareas aandui. |
| **Bruikbaarheid van teks** | Duidelik, netjies, goed georganiseerd, met baie detail en uiters verbruikersvriendelik. | Duidelik, netjies, goed georganiseerd en verbruikersvriendelik met 'n mate van detail. | Duidelik, netjies, goed georganiseerd en verbruikersvriendelik. | Mate van orde en soms verbruikersvriendelik, maar nie altyd netjies en georganiseerd nie. | Verwarrend, nie verbruikers-vriendelik nie en onnet. |

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| PRAKTIESE EKSAMEN : MATRIKS VIR TEMAPROGRAM | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **%** | **1-34%** | **35-49%** | **50-69%** | **70-79%** | **80-100%** |
| | **Onvoldoende** | **Elementêr/Voldoende** | **Bevredigend** | **Verdienstelik** | **Uitstaande** |
| **Voorbereiding** | Die leerder ken nie die woorde van die stuk nie, het geen selfvertroue nie en/of daar is baie min bewyse van insig, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die meeste woorde, wys 'n mate van selfvertroue en/of daar is beperkte bewyse van insig, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die woorde van al die stukke, toon selfvertroue, en daar is bewyse van 'n mate van insig, beplanning en repetisie. | Die leerder het die woorde bemeester, het 'n hoë mate van selfvertroue, en daar is bewyse van uitstekende insig, beplanning en repetisie. | Die leerder het die woorde bemeester, toon insig, tree op met totale selfvertroue en daar is bewyse van uitstekende insig, beplanning en repetisie. |
| **Stemproduksie** | Die leerder het geen tegniese vaardigheid (hoorbaarheid/ duidelikheid) nie. Daar is geen bewys van geskikte vokale vertolking van die teks nie, en geen variasie in stemwerk nie. | Daar is 'n mate van tegniese vaardigheid. 'n Mate van vokale vertolking van die tekste en vokale variasie is sigbaar. | Tegniese vaardigheid is goed. Die vokale vertolking van die teks en vokale variasie is goed. | Daar is hoogs ontwikkelde tegniese vaardigheid. Die vokale vertolking van die teks en vokale variasie is uitstekend. | Daar is besonder ontwikkelde tegniese vaardigheid. Vokale vertolking van tekste en vokale variasie is uitstaande. |
| **Verhoogruimte** | Gebruik nie verhoogruimte toepaslik en/of op 'n interessante manier nie. | Gebruik van verhoogruimte is elementêr, of soms toepaslik. | Geskikte gebruik van verhoogruimte in elke stuk. | Verhoogruimte word effektief gebruik en is toepaslik. | Uitstekende, hoogs kreatiewe en hoogs gepaste gebruik van verhoogruimte. |
| **Oorgange** | Oorgange is nie van toepassing op die tema nie en verhoog nie die vloei van die program nie OF is heeltemal afwesig. | Daar is 'n paar oorgange. Dit is min of meer van toepassing op die tema, en dit verhoog tot 'n beperkte mate die vloei van die program. | Alle oorgange is akkuraat met betrekking tot die tema, en hul verhoog tot 'n bevredigende mate die vloei van die program. | Alle oorgange is heeltemal van toepassing tot die tema, en hulle verhoog die vloei van die program in sy geheel. | Alle oorgange is uitstaande met betrekking tot die gekose tema, verhoog die vloei van die program as 'n geheel, en wys uitstaande kreatiewe interpretasie. |
| **Begrip van stukke** | Die leerder toon geen begrip van die werk nie en daar is geen of baie min vertolking en/of karakteri-sering. | Die leerder toon beperkte begrip van die werk, en vertolking en/of karakterisering is soms akkuraat en van pas. | Die leerder toon voldoende begrip van die werk, en vertolking en/of karakterisering is in 'n bevredigende mate van pas. | Die leerder toon 'n goeie begrip van die werk, en vertolking en/of karakterisering is altyd akkuraat en van pas. | Die leerder toon uitstekende begrip van die werk. Vertolking en/of karakterisering is altyd akkuraat, van toepassing en insiggewend. |
| **Fisiese werk** | Die leerder kies onvanpaste bewegings of stilwees vir elke stuk. Daar is geen omvang van bewegings nie. Onnodige spanning belemmer die opvoering. | Die leerder kies 'n redelike mate van geskikte beweging of stilwees vir elke stuk. Daar is min omvang in die beweging. Daar is onnodige spanning in die liggaam. | Die leerder gebruik 'n redelike mate van geskikte beweging of stilwees. Die liggaam is gerig en gebalanseerd en is meestal vry van onnodige spanning. | Die leerder gebruik 'n wye omvang van geskikte bewegings en stilwees. Die liggaam is gerig en gebalanseerd en is vry van onnodige spanning. | Die leerder gebruik 'n wye omvang van bewegings of stilwees wat totaal pas by elke stuk. Die liggaam is goed gerig en gebalanseerd en daar is geen teken van onnodige spanning nie. |

| PRAKTIESE EKSAMEN : MATRIKS VIR TEMAPROGRAM | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **%** | **1-34%** | **35-49%** | **50-69%** | **70-79%** | **80-100%** |
| | **Onvoldoende** | **Elementêr/Voldoende** | **Bevredigend** | **Verdienstelik** | **Uitstaande** |
| **Emosionele aansluiting** | Geen aansluiting by die emosionele toon van die werk nie. Emosionele keuses wat gemaak is, is onvanpas en/of onoortui-gend. | Die leerder vind soms aansluiting by die emosionele toon van die werk. Kry dit tot ’n beperkte mate reg om emosionele keuses te maak. | Die leerder vind bevredigende aansluiting by die emosionele toon van die werk. Geskikte emosionele keuses. | Die leerder sluit goed aan by die emosio-nele toon van die werk. Baie goeie emosionele keuses. | Die leerder vind sterk aansluiting by die emosionele toon van die werk. Uitstekende emosionele keuses. |
| **Aansluiting by die gehoor** | Kan nie aansluiting vind by mede-akteur, onsigbare vennoot en/of gehoor as ’n luisteraar nie. | Is gedeeltelik in staat om aansluiting te vind by mede-akteur, onsigbare vennoot en/of gehoor as ’n luisteraar. Aansluiting word gedeeltelik volgehou. | Vind voldoende aansluiting by mede-akteur, onsigbare vennoot of gehoor as ’n luisteraar. Aansluiting word voldoende volgehou. | Vind deurlopend aansluiting by mede-akteur, onsigbare vennoot of gehoor as ’n luisteraar. Aansluiting word deurlopend volgehou. | Vind oortuigend en deurlopend aansluiting by mede-akteur, onsigbare vennoot of gehoor as ’n luisteraar. Aansluiting heeltemal volgehou in ’n innemende aanbieding. |
| **Impak van die program** | Afstandelike, onaanloklike aanbieding en inhoud. Nie aan tema verbind nie. | Aanbieding en inhoud is gedeeltelik innemend met ’n paar aansluitings by die tema. | Aanbieding en inhoud is innemend tot ’n bevredigende mate. Dit word aan die tema verbind. | Iinnemende aanbieding en inhoud word volgehou. Tema is goed verken. | Uitsonderlik innemende aanbieding en inhoud. Tema is kreatief verken en toon insig. |
| **Vertolker se impak binne die program** | Geen veelsydigheid met verskillende style, genres en dramatiese elemente nie. | Min veelsydigheid met verskillende vertolkingstyle, genres en dramatiese ele-mente. | Veelsydigheid met verskillende vertolkingstyle, genres en dramatiese elemente is bevredigend. | Veelsydigheid met verskillende vertolkingstyle, genres en dramatiese elemente word volgehou. | Uitsonderlike veelsydigheid met verskillende vertolkingstyle, genres en dramatiese elemente. |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| PRAKTIESE EKSAMEN : MATRIKS VIR OUDISIEPROGRAM | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **%** | **1-34%** | **35-49%** | **50-69%** | **70-79%** | **80-100%** |
| | **Onvoldoende** | **Elementêr/Voldoende** | **Bevredigend** | **Verdienstelik** | **Uitstaande** |
| **Voorbereiding** | Die leerder ken nie die woorde van die stuk nie, het geen selfvertroue nie en/of daar is baie min bewyse van insig, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die meeste woorde, wys 'n mate van selfvertroue en/of daar is beperkte bewyse van insig, beplanning en repetisie. | Die leerder ken die woorde van al die stukke, toon selfvertroue, en daar is bewyse van 'n mate van insig, beplanning en repetisie. | Die leerder het die woorde bemeester, het 'n hoë mate van selfvertroue, en daar is bewyse van uitstekende insig, beplanning en repetisie. | Die leerder het die woorde bemeester, toon insig, tree op met totale selfvertroue en daar is bewyse van uitstekende insig, beplanning en repetisie. |
| **Begrip van stukke** | Die leerder toon geen begrip van die werk nie en daar is geen of baie min vertolking. | Die leerder toon beperkte begrip van die werk, en vertolking is soms akkuraat en van pas, maar steeds beperk. | Die leerder toon bevredigende begrip van die werk. Die vertolking is meestal akkuraat en van pas en toon 'n bevredigende omvang. | Die leerder toon 'n goeie begrip van die werk, en vertolking is altyd akkuraat en van pas en strek oor 'n wye omvang. | Die leerder toon uitstekende begrip van die werk. Vertolking is altyd akkuraat, van toepassing en insiggewend, en die omvang daarvan is uitgebreid. |
| **Karakterisering** | Karakters word nie ontwikkel deur die gebruik van stem, liggaam, energie en/of internalisering nie. Die leerder word nie van een stuk na 'n volgende getransformeer nie. | Ten minste een karakter is ontwikkel deur die gebruik van stem, liggaam, energie en/of internalisering. Die leerder word soms getransformeer binne 'n beperkte omvang. | Alle karakters is ontwikkel deur die gebruik van stem, liggaam, energie en/of internalisering. Die leerder se transformasie het voldoende omvang. | Alle karakters is ontwikkel en word volgehou deur die gebruik van stem, liggaam, energie en/of internalisering. Die leerder word aansienlik getransformeer van een stuk na 'n volgende. | Alle karakters is ontwikkel en word volgehou deur die gebruik van stem, liggaam, energie en/of internalisering. Die leerder word uitstekend getransformeer binne hoogs kontraserende stukke. |
| **Stemproduksie** | Die leerder toon min/geen tegniese vaardigheid nie. Daar is min/geen gepaste vokale vertolking en kommunikasie van die teks nie, en min/geen variasie in stemwerk nie. | Daar is 'n mate van tegniese vaardigheid. 'n Mate van vokale vertolking en kommunikasie van tekste en 'n mate van vokale variasie is sigbaar. | Tegniese vaardigheid is goed. Die vokale vertolking en kommunikasie van tekste en vokale variasie is goed. | Daar is hoogs ontwikkelde tegniese vaardigheid. Die vokale vertolking en kommunikasie van tekste en vokale variasie is uitstekend. | Daar is besonder ontwikkelde tegniese vaardigheid. Vokale vertolking van tekste en vokale variasie is uitstaande. |
| **Verhoogruimte** | Gebruik nie verhoogruimte toepaslik en/of op 'n interessante manier nie. | Gebruik van verhoogruimte is elementêr, of by tye toepaslik. | Geskikte gebruik van verhoogruimte in elke stuk. | Verhoogruimte word effektief en toepaslik deur die hele program gebruik. | Uitstekende, hoogs kreatiewe en heeltemal gepaste gebruik van verhoog-ruimte deur die hele program. |
| **Fisiese werk** | Die leerder kies onvanpaste bewegings of stilwees vir elke stuk. Daar is geen omvang van beweging nie. Onnodige spanning belemmer die opvoering. | Die leerder kies 'n redelike mate van geskikte beweging of stilwees vir elke stuk. Daar is min omvang in die beweging. Daar is onnodige spanning in die liggaam. | Die leerder gebruik 'n voldoende mate van geskikte beweging en stilwees. Die liggaam is gerig en gebalanseerd en is meestal vry van onnodige spanning. | Die leerder gebruik 'n wye omvang van geskikte bewegings en stilwees. Die liggaam is gerig en gebalanseerd en is vry van onnodige spanning. | Die leerder gebruik 'n wye omvang van bewegings of stilwees wat totaal pas by elke stuk. Die liggaam is goed gerig en gebalanseerd en daar is geen teken van onnodige spanning nie. |

| PRAKTIESE EKSAMEN : MATRIKS VIR OUDISIEPROGRAM | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **%** | **1-34%** | **35-49%** | **50-69%** | **70-79%** | **80-100%** |
| | **Onvoldoende** | **Elementêr/Voldoende** | **Bevredigend** | **Verdienstelik** | **Uitstaande** |
| **Emosionele aansluiting** | Geen aansluiting by die emosionele toon van die werk deur visualisering, emosionele aansluiting en/of die speel van subteks nie. Emosionele keuses wat gemaak is, is onvanpas en/of onoortui-gend. | Die leerder vind soms aansluiting by die emosionele toon van die werk deur visualisering, emosio-nele aansluiting en/ of die speel van subteks. Kry dit tot 'n beperkte mate reg om emosionele keuses te maak. | Die leerder vind voldoende aansluiting by die emosionele toon van die werk deur visualisering, emosionele aansluiting en/of die speel van subteks. Geskikte emosionele keuses. | Die leerder sluit goed aan by die emosio-nele toon van die werk deur visualise-ring, emosionele aansluiting en die speel van subteks. Baie goeie emosionele keuses. | Die leerder vind sterk aansluiting by die emosionele toon van die werk deur visualisering, emosio-nele aansluiting en die speel van subteks. Uitstekende emosionele keuses. |
| **Aansluiting by die gehoor** | Kan nie aansluit by mede-akteur, onsigbare vennoot en/of gehoor as 'n luisteraar nie. | Is gedeeltelik in staat om aansluiting te vind by mede-akteur, onsigbare vennoot en/of gehoor as 'n luisteraar. Aansluiting word gedeeltelik volgehou. | Vind voldoende aansluiting by mede-akteur, onsigbare vennoot of gehoor as 'n luisteraar. Aansluiting word voldoende volgehou. | Vind deurlopend aansluiting by mede-akteur, onsigbare vennoot of gehoor as 'n luisteraar. Aansluiting word deurlopend volgehou. | Vind oortuigend en deurlopend aansluiting by mede-akteur, onsigbare vennoot of gehoor as 'n luisteraar. Aansluiting word heeltemal volgehou in 'n innemende aanbieding. |
| **Veelsydigheid van die leerder** | Geen veelsydigheid met verskillende opvoerstyle, genres en dramatiese elemente nie. | Min veelsydigheid met verskillende opvoerstyle, genres en dramatiese elemente. | Veelsydigheid met verskillende opvoerstyle, genres en dramatiese elemente is bevredigend. | Volgehoue veelsydigheid met verskillende opvoerstyle, genres en dramatiese elemente. | Uitsonderlike veelsydigheid met verskillende opvoerstyle, genres en dramatiese elemente. |
| **Impak van die program** | Afstandelike, onaanloklike aanbieding en inhoud wat geen kreatiwiteit en/of insig toon nie. | Aanbieding en inhoud is gedeeltelik innemend, en toon min kreatiwiteit en/of insig. | Aanbieding en inhoud is tot 'n bevredigende mate innemend, en toon af en toe kreatiwiteit en insig. | Volgehoue innemende aanbie-ding en inhoud, wat volgehoue kreatiwiteit en insig toon. | Uitsonderlik innemende aanbieding en inhoud wat volgehoue, uitstaande kreatiwiteit en insig toon. |

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 3.8 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende gelees word:

**3.8.1** National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12; en

**3.8.2** Die beleidsdokument, National Protocol for Assessment Grades R-12.

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM